Is Dit Die Teken Van Die Einde, Meneer?

Baie dankie, Broer Neville.

Goeienaand, my kosbare vriende. So bly om weer vanaand terug te wees, in die diens van die Here, onse God.

2 [Broer Neville sê vir Broer Branham: "Hierdie is die lewendige een, *hier*."—Red.] Hierdie een is 'n. . . *Hierdie* is dit. O, ja. Dis goed.

3 Ek het julle vanoggend so lank gehou, dat ek voel ek behoort vanaand regtig gou te maak. Goeiste, hoe vreeslik was dit nie, en staan regop, en dit is vanaand ewe erg. So, dit sal nie lank wees voor ons bietjie ruimte vir julle sal hê nie, sien, sodra die kerk voltooi word. Nee, maar ons beplan nie om vanaand te lank te bly nie.

4 Maar, môre-aand, bedoel ons om 'n rukkie te bly. Môre-aand, as sommige van julle kan inkom, môre-aand, wel, ons verwag ons sal 'n wonderlike tyd in die Here hê. Daar sal 'n paar voortreflike manne môre-aand hier wees. Ons sal, ons almal, dit geniet.

5 [Broer Branham se broer, Edgar Branham, sê: "O, skat, wag! Ek het 'n versoek gehad om jou te vra. Ek het vergeet om jou te sê. Maar, 'n klomp mense hier het gesê dat jy altyd haastig is, om uit die diens te kom. Maar môre-aand kan jy al die tyd kry wat jy wou gehad het, van sewe tot twaalf, as jy dit maar net sal vat. Nou, dis wat die gehoor hier my gevra het om jou te vra. So nou verduidelik jy dit aan hulle, as jy nie so dink nie."—Red.]

6 Ons gaan nagmaal bedien om middernag, môre-aand. Ek's seker julle sal—julle sal graag wil hê. . . deel wees daarvan. Wanneer die res van hulle gil en skree, en skiet, en drink, ensovoorts, sal ons net eerbiedig voor God buig [Leë kol op band—Red.] en die nagmaal neem, en die jaar afskop met ons belofte, harte aan God, in toewyding aan Hom.

7 En daar sal 'n paar goeie sprekers môre-aand hier wees, beslis. Daar is 'n paar goeie. . . Broer van Georgia is hier, Broer Palmer, 'n wonderlike spreker. Broer Junior Jackson sal môre-aand hier wees; Broer Beeler, Broer Neville. O, my, goeiste! En so voort en voort, voortreflike manne van God wat hier sal wees, Broer Wilbur Collins, en al daardie broers wat ons sulke wonderlike boodskappe gegee het. En miskien sal ander inloer, so ons sal 'n wonderlike tyd te wagte wees môre-aand.

8 Nou, my vrou het gesê: "Jy moet dit nie sê nie," maar ek moet dit in elk geval sê. Ek's jammer ek het *empire* [Afr.

"Koninkryk."—Vert.] gesê vanoggend, in plaas van 'n *umpire*. [Afr. "Skeidsregter."] [Broer Branham en gemeente lag—Red.]

Billy, het daaragter gesit, gesê: "Daar gaan hy."

9 Ek het gesê: "Die empire, hy moet 'n empire hê." Ek het bedoel, 'n umpire.

10 Ek's soos hulle gesê het van die Hollander, weet julle. "En moenie my neem vir wat ek sê nie, maar wat ek bedoel."

11 Ek het gesê: "Ek dink hulle verstaan my, na al hierdie jare." Weet julle, dit is omtrent . . .

12 Dit is dertig jaar wat ek hier agter hierdie preekstoel was. Dertig jaar in hierdie tabernakel! Julle behoort my teen hierdie tyd te ken, dan nie? O, goeiste! My geleerdheid is vir seker beperk. Maar ek—ek weet ek kan nie praat nie, maar ek maak 'n waarheidsgetroue geluid voor die Here.

13 En, broer, ek meen dit was Dr. Lamsa, van die Lamsa Bybel, wat in die vertaling was, het gesê . . .

14 Eenkeer het ek gepraat, en ek het nie geweet hy was daar nie. En hy het agtertoe gekom en het gepraat oor die Urim Thummim, en toe het hy oor daardie Lig gepraat. En hy het gesê: "Wat is die probleem met hierdie mense vandag?" En ek het gesê . . . Hy het gesê: "Die rede dat mense, die vertalers, nie die Bybel korrek kon vertaal nie, dat die vertalers in die hoë Yiddish probeer vertaal het. En Jesus, praat, het in die gewone klas gepraat, net soos die straatmense gepraat het."

15 En, weet julle, daar's 'n Skrif daar in Lukas, het gesê: "Die gewone mense het graag na Hom geluister." Hy het in hulle taal gepraat. Ek hoop dis weer so.

16 Ons is bly oor die Here. Nou, ek weet, ek sien daardie dames staan rondom. Dis erg genoeg om mans te sien staan, laat staan nog daardie meisies en seuns, en dames, ensovoorts, staan teen die mure om, en kindertjies. Maar, ons het net nie die voldoende sitruimte nie. So, ons bid dat, dat volgende keer wat ons die dienste het, na hierdie week, na hierdie tyd . . .

17 Julle weet, die volgende ding wat kom, sover ons weet, is daardie Sewe Seëls. En, as die Here wil, begin ons met hulle onmiddellik sodra as die kerk oor is, gebou, sodat ons hier kan inkom. Ons kom in vir 'n hertoewyding. En miskien enigiets van een of twee, en dalk drie weke, aaneen, van dienste nou, kom hiernatoe vir die—die Sewe Seëls. So, ons is 'n wonderlike tyd te wagte in die Here, gedurende daardie tyd. En ons sal . . . Al julle uitstedige mense, ons sal julle die kaarte en alles pos, en julle net presies die tyd laat weet, miskien 'n week, of twee voor die tyd.

18 Die kontrakteur, soos ek verstaan het Billy sê vanaand, sal klaar wees die tiende dag van Februarie. Wel, as hy klaar is die tiende, sal ons dan omtrent die vyftiende begin. So, net sodra as hulle klaar is, sal ons reg daarmee begin.

19 Ou Suster Kidd het my gebel, 'n ruk gelede, en sy was byna in trane. Sy het gesê: "Broer Branham, ons het so hard probeer om daardie ou kar aan die gang te kry, en dit wou nie vat nie. So," het sy gesê: "bid jy dit sal vat, en ek sal môre kom." En sy het gesê: "Wonder of ek 'n plek sou kon kry om te bly."

20 Ek het gesê: "Moenie bekommerd wees nie, ons sal vir jou 'n kamer hê, Suster Kidd, sodra jy kry . . . "

21 Jy het gesê: "Seën jou hart." Het gesê: "Weet jy, as jy dienste gaan hê tot twaalfuur," gesê: "ek wil nie op die twaalfuur uitkom nie."

22 Weet julle, sy en Broer Kidd is omtrent vyf-en-tagtig jaar oud, elk, en hulle is steeds in die bediening. Weet julle wat hulle doen? Het 'n bandopnemer gekry, en hulle neem my Boodskappe en gaan van hospitaal na hospitaal, van huis tot huis, speel die bande. Nou, as dit nie, nie opgee, is nie! Dis nie uittree nie. Dis die Geloof behou, tot die einde, sterf met die Swaard in die hand. Dis hoe om te maak. Dis hoe ek ook wil maak. Uh-huh.

23 En toe, en sy het gesê: "Jy weet, as ek uitkom, op die hoofweg, om twaalfuur," het sy gesê: "en na die twaalfuur in die nag, probeer huis toe gaan, en al daardie dronk duiwels," het sy gesê: "ry," gesê: "loop in elke rigting, drink." Sy het gesê: "Daardie demone wat rondloop," het sy gesê: "ek sou doodbang wees."

24 Broer Pat, sy is beslis 'n liewe ou dingetjie. Hoeveel ken Suster Kidd? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sy sit hier, dit, lyk sommer net na 'n geheiligde dingetjie.

25 En, wanneer, dink net, jare voor ek gebore is (en ek's 'n ou man), was sy daar in daardie berge, sy en Broer Kidd. Sy sou was, heeldag lank, op die wasplank, om vyftien of twintig sent vir 'n was te kry, om hom êrens heen te stuur, daardie aand, om te preek. In daardie steenkoolmyne daarbo in Kentucky, waar jy . . . iemand moes jou met 'n geweer oppas, om die heuwel op te kom, na waar jy gegaan het om te preek. O, goeiste! Dan, dink ek:

> Moet ek huis toe na die Hemel gedra word op
> 'n blommebed van gemak,
> Wyl ander geveg het om die prys te wen en
> bebloede seë bevaar het?
> Ek moet veg as ek moet heers, verhoog my
> moed, o Heer!

26 Dis, en ek wil Sy ondersteuning hê, deur Sy Woord. Dis wat ek vanaand wil hê. Nou, ek veronderstel die opnemers gaan nou.

27 ['n Broer sê: "Moenie die baba toewyding vergeet nie."—Red.] O, ja. Ek het . . . Ek's jammer.

28 'n Sustertjie het 'n baba hier gehad, vanoggend, wat sy wou laat toewy. En ek het haar gesê ons sal dit sekerlik vanaand doen, en nou. En, môre-aand sal ons toewyding van babas hê, genesingsdienste, alles wat ons moontlik mee sou kon

deurgaan. Ons het baie tyd. So, as die sustertjie hier is, en haar kleinding het.

29 En ek is veronderstel om 'n paar mense te hê wat daar ver vandaan kom, en hier was vanoggend vir 'n private onderhoud, en vir iets. En hulle was veronderstel om daarin te ontmoet vanoggend, en Billy moes hulle laat wag tot vanaand. En hy kon hulle nêrens kry nie, sien, vanaand nie. As jy hier is suster, ek was daaragter vir 'n hele tydjie, het gewag, en gekyk of hy die dame kon kry. Dit was twee van hulle, dink ek, wat op private onderhoud was van ver uit die land. So, ons—ons vertrou, as ek julle mis, sal ek in staat wees om julle so spoedig moontlik te kry, miskien môre-aand, terwyl ingekom word.

30 Nou, ek reken, is dit die dame, wat kom, met die babatjie met die—die blou voorskootrok?

31 "Voorskootrok"? Meda, ek—ek—ek het dit nie bedoel nie, skat, wat dit ook al is. Dit lyk soos 'n rokkie van 'n aard... Voorskootrok, hoeveel weet wat 'n—'n voorskootrok is? Wel, sekerlik. 'n Ou oortrekbaadjie, vir my. So—so...

32 Wel, dis Dallas se babatjie. Goeiste, dis mooi. Broer, sal jy hierheen kom. Verskoon my. [Broer Branham verlaat die mikrofoon en gaan na die een kant van die preekstoel toe—Red.]

33 Wel, wel, ek hou soort van van daardie lintjie daar, wat jy gesit het. Wat is sy naam? [Die vader sê: "Rebekah Lynn."—Red.] Rebekah Lynn, L-y-n-n. En wat—wat is jou van nou? Stayton. Rebekah Lynn Stayton. Is dit reg? Kan ek haar kry? ["Sekerlik."] Ek weet dis soort van swaar, om een so op te gee. So soet? Rebekah Lynn Stayton.

34 Hierdie familie het deur veel gekom. Hierdie klein, jongdame hier, en haar man, is pas onlangs gered en gebring tot kennis van die Here. En nou, in hulle huwelik, het God hierdie pragtige, klein Rebekah gegee, en hulle bring haar na die Here.

35 Nou, baie mense, hulle noem onein...kleindoop, in die Metodiste kerk en baie van die ander, en hulle besprinkel hulle met water wanneer hulle babas is. Nou, dis in orde, wat my betref. Maar ons probeer altyd bly by net wat die Bybel sê om te doen. En in die Bybel, was daar (nee) nooit so-iets soos 'n kind doop nie; nêrens daar in die geskiedenis nie, tot die vroeë Katolieke kerk, sover ons weet, wat so ver as die Niceense Raad was.

36 [Die baba roep uit: "Ba!"—Red.] So dis net die manier om "Amen" te sê. Dit sien, jy het...Sien, jy moet die interpretasie hê.

37 So, maar, in die Bybel, het hulle kindertjies na Jesus gebring, dat Hy hulle kon seën. En Hy het Sy hande op hulle gesit en hulle geseën. En dit, ons sit dit steeds voort.

Nou laat ons ons hoof buig.

38 Ons Hemelse Vader, hierdie jongvrou en jongman kom vanaand met hierdie lieflike klein Rebekah wat aan hulle gegee is, in hulle sorg, om groot te maak in die vermaning van God. En hulle bring haar vanaand vir bekendstelling aan die Here. En wanneer die moeder van haar arms na myne gegee het, dan gee ek van my arms aan U, hierdie klein Rebekah. God, wees met haar en seën haar. Seën haar vader en moeder. Mag hulle almal lojale, lang lewens leef, en, as dit moontlik is, die Koms van die Here Jesus sien. Mag hierdie kind groei in die kennis van die Here. En mag, as daar 'n môre is, mag sy 'n groot getuie vir U wees. Skenk dit, Here. Nou, as U hier op aarde was, sou hierdie vroue en manne hulle kinders na U bring. Maar ons, die predikers van die Evangelie, is U verteenwoordigers. So, ons gee U hierdie baba, vir 'n lewe van diens in U Koninkryk, in die Naam van U Seun, die Here Jesus Christus. Amen.

39 Seën jou, klein Rebekah! Watter soet kleinding! Mag God julle albei seën, en die baba, julle lang, gelukkige lewens, en diens van God gee.

40 Ek weet nie of ek heeltemal sterk genoeg is, of nie. Dit is alles seun. Wat is sy naam? [Die moeder sê: "Stanley Victor Cleveland."—Red.] Stanley . . . ["Stanley.'"] Stanley Victor . . . ["Cleveland."] Clayland? Clay- . . . ["Cleveland."] Cleveland. Klein Stanley, watter mooi naampie, en watter mooi seuntjie! Wel, ek dink, omtrent . . . Laat ons hiernatoe kyk, Stan. Dit 'n mooi seun? O, julle weet. Ons beoefen dit nie. Ons doen dit sommer net, julle weet, daar's niks formeels daaraan nie. Dis reg. Hy's sekerlik 'n soet kêreltjie. Ek vergeet die van. Ek dink nie ek spreek dit reg uit nie. ["Cleveland."] Cleveland. Goed.

Laat ons nou ons hoofde buig.

41 Hemelse Vader, hierdie egpaar bring hierdie baba, klein Stanley Cleveland, om aan die Here Jesus toegewy te word. En waar die pastoor hier, van die kerk, en ek, in eenheid saamstaan in die werke van die Here, gee ons aan U hierdie kind vir 'n lewe van diens. U het hom aan die moeder en vader gegee; en nou gee hulle hom aan my, aan my arms; en ek plaas hom van my arms na U s'n. God, seën sy vader en moeder. Seën die seuntjie, en mag hulle almal lang, gelukkige lewens van diens aan U leef. Mag die kind grootgemaak word in die vermaning van God, om Hom te dien, en Hom vrees, en Hom liefhê, al die dae van sy lewe. Nou, hulle het kinders na U gebring, dat U hulle kon seën; en ons, met ons hande op die kind, seën hom in die Naam van die Here. En mag hy 'n lang, gelukkige lewe van gesondheid en krag leef, tot U diens. In Jesus se Naam. Amen.

God seën jou, klein Stanley. Julle het 'n mooi seun daar.

42 Nou gaan ek net 'n gunsie vra, vir van die klein outjies en van die tieners. En ek weet dis moeilik. Julle kan nie baie lank stilstaan nie, want julle ledemate kramp. Maar ek benader

vanaand iets wat ek nooit tevore het nie. En daar is iets waaroor ek gaan praat, wat ek nooit gedink het om oor so-iets te praat nie.

43 Dis waarom, vanoggend, ek nie daardie tyd voor die Boodskap wou plaas nie, en ek het nooit klaargemaak met praat oor my Absoluut nie, en ek dink nie ek sal ooit nie. Ek hoop ek doen dit nooit nie. Hy is so wonderlik!

44 Maar, vanaand, gaan ek praat oor iets wat ek nie weet nie. En nou, dis nogal 'n ding, vir 'n prediker om te sê dat hy gaan praat oor iets waarvan hy nie weet nie. Maar ek waag dit, na die beste van my wete, ook, dat hierdie kerk kan verstaan. En ek sal nie, op geen manier, enigiets van julle weerhou, wat voordelig is nie.

45 En dan, hierdie band, ek veronderstel die kêrels maak die band. En as dit gebeur dat jy die band kry, wie ook al luister na die band, onthou, as iets jou laat wonder, moet dit nie sê, tensy dit op die band is nie. Moenie iets sê teenstrydig met wat op die band is nie.

46 Sovele skryf, oor *Die Slang Se Saad*, en sê dat ek so-en-so gesê het. Ek gaan haal die band, speel dit weer. Ek het dit nie so gesê nie. Sien, mense beoordeel dinge verkeerd.

47 Weet julle, Jesus, het eenkeer na Sy opstanding, op die strand geloop saam met die dissipels, en Johannes het teen Sy bors geleun. En hulle het gesê: "Wat sal met hierdie man gebeur?"

Jesus het gesê: "Wat is dit vir julle as hy vertoef tot Ek kom?"

48 "En daar het 'n gerug rondgegaan, dat: 'Johannes gaan lewe om Jesus te sien kom.'"

49 En die Skrif sê: "Hoe dit ook al sy, Hy het dit nooit so gesê nie." Sien julle, Hy—Hy het dit nooit gesê nie. Hy het net gesê: "Wat is dit vir julle as hy vertoef tot Ek kom?" Hy het nooit gesê hy sou vertoef nie. Maar, sien, misverstaan, dis so maklik.

50 En nou, dis—dis nie dat ek iemand veroordeel wat dit doen nie. Omdat, ek doen dit, self. En alle mense doen dit; as die apostels, wat met ons Here gewandel het, Hom misverstaan het. En hulle het Hom nooit duidelik verstaan nie.

51 Reg aan die einde, het hulle gesê: "Waarlik, nou verstaan ons. Nou glo ons. En ons is seker dat geen mens U enigiets hoef te sê nie, want U weet alle dinge."

52 En Jesus het gesê: "Glo julle nou?" Sien? "Na al daardie tyd, het julle uitein- . . . Het dit uiteindelik tot julle deurgedring, sien, dat julle glo?"

53 En dis net menslik. En ons is almal menslik, so ons gaan misverstaan.

54 Maar as dit julle soort van bietjie laat wonder, speel die band terug. Luister dan mooi. Ek's seker die Heilige Gees sal vir julle openbaar.

55 Dan, die kêreltjies, as julle net julle "amens" sal terughou, die kinders. Wag maar net 'n rukkie, want ek—ek wil hê dit moet vir seker begryp word, omdat baie nie die band sal hê nie. So, ek wil hê julle moet verseker dit begryp. En laat ons dit benader, vir, sal ek sê vyf-en-dertig minute, of veertig, net so eerbiediglik soos wat ons weet om dit te doen.

56 Want, dit is 'n ontsaglike tyd vir my. Dis waar iets gebeur het, wat ek nie weet wat om te doen nie. Sien? En ek staan in die verskriklikste noute waarin ek ooit gestaan het, in die dae van my bediening, waarvan ek weet.

So, laat ons nou ons hoofde buig, voor ons die Woord benader.

57 Hemelse Vader, dan, 'n tyd gelede, het ek gepreek oor die onderwerp van *Veronderstel*. En *veronderstel* is "om te werk te gaan sonder outoriteit." En miskien, vanaand, Here, het ek dit op my geneem om iets te interpreteer vir die mense, sonder om 'n visioen daarvan te hê. Gevolglik, Here, gaan my na, waar die punt nagegaan moet word; sluit my mond, Here. U het die leeus se mond gesluit, in die kuil by Daniël, dat dit hom nie skade aangedoen het nie. Here, ek bid dat, as ek iets verkeerd sou probeer interpreteer, U steeds mag het om 'n mond te sluit. Maar as dit die Waarheid is, dan, Here, seën Dit, en stuur Dit voort. En U ken die toestande en wat kort voorhande is. En dis waarom ek kom, selfs op hierdie heel laaste oomblik, by die preekstoel, om hierdie dinge te probeer interpreteer. En ek bid U om ons te help.

58 Seën hierdie kerkie. Hierdie groep wat hier onder die dak kom, wat vertoef saam met ons hier in die stad, uit baie state kom. O, wanneer die aandskadu's daal, is ons so bly om 'n heenkome te hê. Wanneer die wêreld so verward is en nie weet waar hulle staan nie, is ons bly, dat: "Die Naam van die Here is 'n magtige Toring, en die regverdiges vlug Daarin en is beskut." Nie net soveel Woorde nie, maar 'n openbaring!

59 So, ons bid, Vader, waar die Aandligte sal kom, met die ondergaan van die son. En ons glo dit dit die tyd is waar ons lewe, in die ondergaan van die son. En ons dank U allergewyds, Here, uit al ons harte, vir die dinge wat U vir ons gedoen het. En, Here, deur die eeu heen, dank ek U vir die toelaat van die visioene wat U gegee het, elkeen van hulle net perfek, en elke interpretasie van droom was presies so gewees. So, ons weet dit kon slegs U gewees het, Here; want ons is sterflinge, almal in sonde gebore, en daar is nie 'n gebreklose ding in ons nie. Maar, om te dink dat U so 'n ding, soos 'n menslike wese, kon neem, en hulle was deur die water van die Woord en deur die Bloed van Christus; en daardie hand op so 'n wyse uitstrek, dat die persoon nie hulle eie denke gebruik nie, maar die Gemoed van Christus toelaat, Wat alle dinge weet, Dit laat inkom en spreek en 'n tabernakel gebruik. Dank U, Vader.

60 Nou seën ons U Heilige Naam. En ons seën hierdie groepie, vanaand, in U Naam. Ons seën die pastoor, Broer Neville, God se moedige dienskneg. Ons seën die diakens, die trustees, en elke lidmaat van die Liggaam van Christus, beide hier en om die wêreld heen, in die Naam van die Here Jesus.

61 O, waar ons hierdie donker, somber, aaklige skadu sien val oor die aangesig van die Christendom, weet ons die tyd kom nader. Daar sal 'n Wegraping wees, en die Kerk sal opgeneem word. Here, laat ons voortmarsjeer, opkyk na die Outeur en Beëindiger, Christus. Skenk dit, Here. En waar ons nou voorwaarts beweeg, in die Naam van die Here Jesus, om hierdie dinge te onderneem wat op ons harte geplaas is, bid ons dat U met ons sal wees en ons sal help. En verkry heerlikheid daaruit, Here, want ons wy onsself aan U, met U Woord, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

62 Nou, as jy 'n potlood en papier het, wil ek hê jy moet 'n paar dinge neerskryf, soos . . . of enigiets wat jy wil. Hou dit net gereed. En dan, op die band, ook, as jy die Skrifte wil neerskryf, te eniger tyd, want ek glo dis die Skrif wat saak maak.

63 Nou, ons wil vanaand 'n teks lees, of 'n Skrifvoorlesing lees, uit die Boek van Openbaring van Jesus Christus. En ek glo dat dit die Openbaring van Jesus Christus is, soos geskryf in die Boek. En elke ander openbaring wat teenstrydig sou wees met hierdie Openbaring, sal verkeerd wees. Ek glo dit sal verdra om weer aange- . . . aange—aangehaal te word. Enige openbaring wat nie sal inpas by hierdie Openbaring nie, en hierdie Openbaring toelig nie, is die verkeerde openbaring. Dit moet Skriftuurlik wees.

64 Nou, in die 10de hoofstuk van die Boek van die Openbaring van Jesus Christus, wil ek graag die eerste paar verse lees, die eerste sewe verse, 1 tot 7. En luister nou mooi, en bid vir my.

> *En ek het 'n ander sterk—ander sterk engel uit die hemel sien neerdaal, bekleed met 'n wolk, en 'n reënboog was oor sy hoof, en sy aangesig was soos die son, en sy voete soos pilare van vuur;*
>
> *en in sy hand het hy 'n geopende boekie gehad, en hy het sy regtervoet op die see gesit en sy linkervoet op die land;*
>
> *en hy het met 'n groot stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul, en toe hy uitgeroep het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor.*
>
> *En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; maar ek het 'n stem uit die hemel vir my hoor sê: Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie.*
>
> *En die engel wat ek op die land en op die see sien staan het, het sy hand na die hemel opgehef,*

en hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel *geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat daar geen tyd meer sal wees nie;*

Maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete.

65 En my teks, as ek dit so sou noem, vanaand, is dit: *Is Dit Die Teken Van Die Einde, Meneer?*

66 Ons weet almal dat ons leef in 'n—'n glorieryke tyd vir die Kerk, maar 'n vreeslike tyd vir die ongelowige. En ons lewe in een van die gevaarlikste tye van almal, almal wat ooit was, sedert die wêreld begin het. Geen profeet, geen apostel het, nooit, in geen tyd, ooit gelewe in so 'n tyd soos ons nou beleef nie. Dit is die einde.

67 Dis in die lug geskryf. Dis oor die aangesig van die aarde geskryf. Dis in elke koerant geskryf. Dit is die einde, as jy die handskrif kan lees. Die profete het gelewe in die tyd toe die handskrif aan die muur was vir 'n nasie, maar ons lewe wanneer die handskrif aan die muur is vir tyd. Alle nasies, aarde, alles, tyd is op die einde. So, ons moet die Skrifte ondersoek, om die uur te vind waarin ons lewe.

68 Altyd sal 'n ware profeet van God na die Skrifte gaan. Daarom is hy absoluut dat dit so gaan wees. In die Ou Testament, wanneer profete iets gesê het, was daar altyd, êrens, 'n profeet met die Woord, wat by die Woord gebly het. Hy het na God gekyk vir visioene. En as sy visioen teenstrydig met die Woord was, dan was sy visioen verkeerd. Dis God se manier om Sy Woord by Sy mense te kry.

69 Kan julle my goed genoeg hoor, ver agter? [Broer Branham wag 'n rukkie—Red.] Ek weet net skaars waar om te begin.

70 Nou, dit was 'n groot voorreg vir my, om te weet dat hierdie tabernakel my eerste kerk was. Dis 'n heerlike ding. En ek sal nooit vergeet, hoeveel ek . . . Jesus vertoef en ek sou lewe om honderde jare oud te wees. Ek onthou die dag wat ek die hoeksteen gelê het, daar op die hoek; en die visioen wat Hy my daardie oggend gegee het, van hierdie tabernakel. En julle almal onthou. Dis geskrywe in die boeke. En dis absoluut vervul gewees, tot op die letter, nie een stukkie daarvan ontbreek nie.

71 En, nou, ek glo nie dat daar enigiets is wat Hy gespreek het, al hierdie jare van my lewe, wat ek tot die mense gespreek het, wat nie vervul is nie. En baie mense het gekom met drome, wat Hy my toegelaat het, deur Sy genade, om vir die mense te interpreteer. En baie het gekom met drome en met probleme wat ek nie in staat was om te interpreteer nie.

72 Maar ek het nie probeer om 'n truuk aan julle mense voor te hou wat al die antwoorde het nie. Ek het probeer eerlik wees en om julle te sê wat Waarheid was, en ek kon julle net sê soos Hy my gesê het. En dan soos dit na my gekom het, dan kan ek julle sê.

73 En ek wil julle waarsku. In hierdie dag waarin ons lewe, daar's baie . . . Nie—nie enigiets teen mense sê nie. Maar wanneer julle 'n persoon sien wat die antwoord op enigiets het, dis teenstrydig met die Woord.

74 Jesus het gesê: "Daar was baie melaatses in die dae van Elía, maar net een is genees." In die baie jare, die tagtig of meer, wat Elía gelewe het, en een melaatse is genees. Baie weduwees in die dae van Elisa, maar hy is na net een gestuur. En ons vind uit daar is baie dinge wat God doen, en wat Hy nie aan Sy diensknegte openbaar nie. En geen dienskneg is groter as sy Heer nie.

75 En, dan, God sal nie Sy heerlikheid met enigiemand deel nie. Hy is God. En wanneer 'n dienskneg by 'n punt kom dat hy die plek probeer inneem van God, dan neem God sy lewe en skuif hom êrens anders heen, of iets. Ons moet dit onthou.

76 Nou, in daardie visioene en interpretasies, ek kan die interpretasie van 'n droom nie gee voordat ek presies, deur 'n visioen, sien wat die droom was nie. En baie van julle weet dat julle my julle droom vertel het, en dit nie eers alles sou vertel nie. En wanneer ek die droom na my sien terugkom het, het ek omgedraai en jou gesê dat daar baie is wat jy uitgelaat het, jou dan sê wat jy uitgelaat het. Julle weet dis reg. As dit reg is, sê: "Amen." Amen. [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Die dinge wat julle my nie gesê het nie. Daarom, sien julle, as die . . . Soos Nebukadnésar gesê het: "As jy my nie kan sê wat ek gedroom het nie, hoe sal ek dan weet jy het die interpretasie daarvan?"

77 Maar al hierdie indrukke, ons moet hulle nie vat en sê: "SO SPREEK DIE HERE" nie. Ons moet dit nie doen nie. Ons moet 'n direkte stem hê, 'n antwoord van God, voor ons kan sê dis God. Nie 'n indruk nie, nie 'n sensasie nie, maak nie saak hoeveel dit klop nie.

Jy kan sê: "Ek glo dit sou so kon wees."

78 Maar wanneer jy sê: "SO SPREEK DIE HERE," is dit nie jy nie. Kyk op die platvorm. Het julle dit ooit sien faal? SO SPREEK DIE HERE is perfek, het nooit gefaal nie. En solank as dit SO SPREEK DIE HERE is, kan dit nie faal nie.

79 Maar, sover, het Hy my beskerm, want ek het op Hom gewag. Ek het nie gewildheid probeer soek, of trotse glorie van mense nie. Ek het my bes probeer om nederig te lewe, en lei die soort lewe wat ek dink 'n Christen behoort te lei. En ek was nie in staat om dit vanself te doen nie, maar Hy het dit tot vandag toe gedoen. Soos ek sê, dat Hy die Een is wat my gelei het.

80 Baie dinge sou op die manier gesê kon word, maar dit sou te lank neem. Maar julle almal is bewus van hierdie dinge. En die enigste rede waarom ek julle "amen" laat sê het 'n ruk gelede, julle mense wat my drome vertel het, dan sou ek julle kom sê wat julle uitgelaat het, omdat hierdie Boodskap op band opgeneem word. Mense van alle nasies sal dit hoor. En wanneer hulle daardie "amen" hoor, dan weet hulle daar is stemme daar, wat onder hierdie bediening sit, wat van beter weet as om enigiets verkeerds te doen, of om "amen" te sê op iets wat verkeerd is. *Amen* is "laat dit so wees." Dit beklemtoon dit.

81 Nou, my hele lewe, vandat ek 'n seuntjie was, was daar iets wat my gepla het. En ek het 'n baie rare lewe gehad, moeilik om te verstaan. Selfs my vrou krap haar kop en het dit gesê. "Bill, ek glo nie daar's enigiemand wat jou kan verstaan nie."

82 En ek het gesê: "Ek verstaan myself nie." Want, ek het my oorgegee, myself gewy aan Christus, baie jare gelede. Hy doen die leiding. Ek probeer dit nie verstaan nie. Ek gaan maar net waar Hy lei, na die beste van my wete.

83 Ek's dankbaar vir 'n wonderlike vrou en kinders, en vir my vrou en kinders wat vertroue het dat ek hulle nie iets verkeerds sal sê nie. Dit, glo hulle. Elke keer wat jy hulle iets sê, hou hulle net daarby. Hulle weet dat ek hulle niks verkeerds sou sê nie.

84 En sou ek dan een van God se kinders iets verkeerds sê? Nie doelbewustelik nie. Nee, meneer. God wil Sy kinders in die regte soort opleiding hê. En wees eerlik met hulle, en waarheidsgetrou teenoor hulle, en Hy sal dit seën, glo ek.

85 Nou, heelpad, daar deur die reis, was daar dinge wat gebeur het, wat ek nie kon verstaan nie. En een van die dinge wat ek nie kon verstaan nie, was toe ek 'n seuntjie was en daardie visioene sou op my kom. En ek sou hulle sien en my ouers vertel van die dinge wat gaan gebeur. Hulle het gedink ek was net senuweeagtig. Maar, die snaakse ding, dit het gebeur net soos Dit gesê het.

Julle sê: "Was dit voor jou bekering?" Ja.

86 "Gawes en roepings is sonder bekering," het die Bybel gesê. Jy word in hierdie wêreld gebore vir een of ander doel. En jy maak nie . . . Jou bekering bring nie gawes nie; hulle is vooraf bestem vir jou.

87 Nou, langs die weg, en toe ek 'n seuntjie was, was my begeerte . . . Ek was ontevrede in die landstreek waarin ek gelewe het. Ek verlang, op 'n manier, om na die Weste te gaan.

88 En ek is geopereer, toe ek geskiet is, toe ek 'n seuntjie was. En toe ek bykom, onder die eerste verdowingsmiddel uit, het ek gedink ek was in pyniging, gaan ondertoe. Die eter het my uit gehad. En ek was vir agt uur uit gewees, dink ek. Hulle was bekommerd om my weer by te kry. Hulle het 'n groot operasie

gehad, met geen penisilien nie. Bloed; beide bene byna afgeskiet, met ’n haelgeweer. ’n Seunsvriendjie het sy geweer laat afgaan.

89 En toe omtrent sewe maande later, het ek nog ’n verdowingsmiddel geneem. En toe ek bykom onder daardie verdowingsmiddel uit, het ek gedink ek staan daar op die westelike prêries. En ’n groot goue kruis in die lug, en die heerlikheid van God skyn neer daarvanaf. Ek staan daar soos *dit*.

90 Toe die Lig, wat julle op die foto sien vanaand, wat bewys is om ’n bonatuurlike Wese te wees, deur wetenskaplike navorsing; vir my, was Dit dieselfde lig wat Paulus neergefel het. Dit was dieselfde Lig wat die kinders van Israel snags gelei het. Het julle hier opgelet, hierdie Engel? “Hy was geklee in ’n Wolk.” Sien, Hy was “’n Wolkkolom bedags.” Nou, daardie selfde Lig.

91 Betreffende mense wat nie verstaan nie, eers gedink het dat dit verkeerd was, dat ek dit sommer net gesê het. Maar die Heilige Gees het toevallig die wetenskaplike instrumente verberg, en die mense daar, vir ’n bevestiging, en het die foto Daarvan geneem, verskeie kere.

92 Ek het gesê: “Ek sien ’n persoon oorskadu tot die dood,” swart skadu oor hulle. ’n Paar weke gelede toe ek in ’n stad was. En wanneer ons preek, is jy—is jy nie veronderstel om foto’s te neem nie, julle weet, terwyl daar gepreek word. En toe . . . Dieselfde ding was toe dit geneem is; maar iemand het ’n kamera gehad. En ek het vir ’n dame wat daar sit, gesê, ’n vreemdeling . . . Ek was in Southern Pines. Ek het gesê: “Daar is ’n skadu oor hierdie Mejuffrou *So-en-so*.” ’n Dame wat ek nog nooit in my lewe gesien het nie. “Jy het pas van die dokter af gekom; en twee kankers, een op elke bors, en jy is opgegee. Jy word oorskadu met ’n swart kap, tot die dood toe.”

93 En Iets het vir ’n suster gesê wat daar naby gesit het, wat ’n flitskamera gehad het, gesê: “Neem die foto.” En sy wou dit nie doen nie. Tog: “Neem die foto,” en sy het steeds verseg. En toe het dit weer gekom, en sy het die foto gegryp . . . en die die foto geneem. En daar is dit, wetenskaplik. Dis op die kennisgewingbord; skadu van ’n swart kap.

94 Toe, toe die vrou geglo het en gebed gedoen is, ’n foto geneem reg direk daarna, skoon. Ek het gesê: “Die skadu het weggegaan.” Sien? Die dame lewe, deur die genade van God.

95 Sien julle wat ek bedoel? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] As jy die waarheid praat, mag jy vir ’n ruk uitgelag word, mag jy vir ’n ruk misverstaan word. Maak, God sal dit bevestig, dat dit die waarheid is, as jy net daarby sal bly. Sien? Hou net vas. Mag jare neem, maar, soos in Abraham en andere, maar Hy sal dit altyd die waarheid maak.

96 Toe daardie Engel daar . . . En ek veronderstel, buiten my vrou, is daar mense hier vanaand, van dertig jaar gelede, wat

naby gestaan het toe Dit neergedaal het. Is daar nou enigiemand in die gehoor wat daar was toe die Engel van die Here, wat neergedaal het op die rivier die eerste keer, voor mense? Steek julle hande op. Ja, daar is hulle. Sien? Nou, ek sien Mev. Wilson steek haar hand op. Sy het daar gestaan. My vrou, daar, sy was daar. En ek weet nie wie party van die res van hulle is, wat hier op die wal gestaan het, voor baie, baie mense, toe ek gedoop het om twee-uur in die namiddag nie.

97 En reg uit 'n brons lug, waar daar vir weke nie reën was nie, hier kom Hy met 'n gebrul, en het gesê: "Soos Johannes die Doper gestuur is om die eerste Koms van Christus vooraf te gaan, word jy gestuur met 'n Boodskap, om die tweede Koms van Christus vooraf te gaan."

98 Baie manne, van sakemanne, die stad, het op die oewer gestaan, het my gevra wat Dit beteken het. Ek het gesê: "Dit was nie vir my nie. Dis vir julle, ek glo." Uh-huh. Dit het weggegaan. En toe daardie Engel vertrek het, as julle sal onthou, het Hy weswaarts gegaan soos Hy opgegaan het, reg buitentoe, op, bo-oor die brug, en het weswaarts gegaan.

99 Lateraan het ek 'n sterrekundige ontmoet, wat 'n Magiër is. En hulle het my gesê van 'n konstellasie van sterre wat saamgekom het in 'n sekere konstellasie.

100 Toe, die wyse manne in Babilon gesien het daar na Palestina toe, hierdie drie sterre in 'n konstellasie. Julle het my dit hoor vertel, baiekeer. Weet julle dis bewys, hierdie laaste paar weke, om die waarheid te wees? Broer Sothmann, jy het daardie koerant by jou vanaand, waar jy ook al is? Dis in die koerant, 'n blad van 'n Sondagkoerant, die 9de Desember. Dat, 'n verslaggewer daarheen gegaan het, en hulle al hierdie dinge opgegrawe het. En ons lewe werklik nou, is bewys, dat ons is . . . Hierdie jaar wat aankom is 1970. Sewe jaar uit datum uit; deur opgegrawe rotse, en bewys dat dit verkeerd is. Dis later as wat julle dink. Ek het Broer Fred op 'n manier nie gesien nie. Broer Sothmann, is jy hier? Het jy die koerant by jou, Broer Sothmann? Jy het. Hy het die koerant. Dalk sal ek jou dit môre-aand laat lees. Ons het nie vanaand tyd nie. So, julle kan sien.

101 En, kyk, presies. Daardie Magiërs, Joodse Magiërs bo in Babilon, bestudeer die sterre, het daardie sterre in hulle konstellasie sien inval. En toe hy het, het hulle geweet Messias was op aarde. En hier kom hulle in Jerusalem in, singende. Twee jaar lange reis! "Waar is Hy wat gebore is Koning van die Jode?" Op-en-af in die strate het hulle gegaan. En, wel, Is- . . .

Israel het vir hulle gelag: "Hierdie klomp fanatici!" Hulle het nooit iets daarvan af geweet nie, maar die Messias was op aarde. En nou ken julle die res van die storie, wat hulle gesê het.

Nou, ons sal dit lees, môre-aand.

102 Nou, kom hierby, dat die visioene nie faal nie, want hulle is van God. En langs die hele reis, was daar iets wat my trek, pluk aan my.

103 Toe, toe die Magiër my hierdie dinge vertel het, toe ek maar net 'n seun was, wildbewaarder; of voor dit, reken ek was dit, oor hierdie dinge. En dit het my bang gemaak, omdat ek bevrees was oor wat die Magiër was. Maar lateraan het ek uitgevind dat die Magiërs van die Bybel reg was, omdat God dit in die hemele verklaar voordat Hy dit op die aarde verklaar, het daardie hemelliggaam dopgehou.

104 "God is nie 'n aannemer van die persoon nie, van alle nasies," het Petrus gesê. Nou, maar hulle wat Hom vrees, in alle nasies, aanvaar God. [Leë kol op band—Red.]

105 En ons vind, dan, ek het die gedagte probeer opgee. Maar, o, dit sou ure neem, om in te gaan hoedat dit voortdurend daarheen beweeg het, daarheen beweeg het. Maar ek was bang daarvoor.

106 Hierdie Magiër het vir my gesê: "Jy sal nooit in die Ooste suksesvol wees nie." Het gesê: "Jy's onder 'n teken gebore." En het gesê: "Jy . . . Daardie teken, daardie konstellasie, toe hulle gekruis het, ver weg daar, die dag van jou geboorte, het hulle weswaarts gehang. En jy moet weswaarts gaan."

Ek het gesê: "Vergeet dit."

107 Ek—ek het niks daarmee te doen gehad nie. En deurgans, tog, steeds, dit het dit nie uit my hart uitgeneem nie.

108 Toe, toe ek daar was daardie nag, oor hierdie visioene. Ek kon hulle nie verstaan nie. My Baptiste broers het my gesê dit was van die duiwel. En toe, toe die Engel verskyn het, het Hy dit absoluut in die Skrif ingegooi, en gesê: "Soos dit toe was!"

109 Toe die priesters geargumenteer het oor dinge, nie iets geweet het oor watter soort jasse hulle behoort te dra nie, en klere en alles, en argumenteer oor hulle verskille; die Magiërs het die ster na Christus gevolg.

110 Toe die predikers gesê het dat Jesus 'n misleier was, 'n Beëlsebub; 'n duiwel het opgestaan en gesê: "Ons weet wie U is, die Heilige van God. Waarom kom U ons kasty voor die tyd?"

111 Toe Paulus en Silas aangekom het, die Evangelie verkondig. 'n Fortuinvertellertjie sit op die straat . . . En die predikers van daardie land het gesê: "Hierdie manne is bedrieërs. Hulle skeer ons kerke uitmekaar, ensovoorts, keer die wêreld onderstebo, met hulle korrupsie."

112 Maar wat het gebeur? Daardie klein Magiër, daardie fortuinvertellertjie, het gesê: "Hierdie manne is van God, wat ons die weg van die lewe vertel." En Paulus het daardie gees in haar tereggewys. Hy het nie enige hulp nodig gehad om te getuig wie hy was nie.

113 Jesus het hulle ook gesê om hulle mond te hou. Maar dit wys tog dat, somtyds, duiwels meer oor die dinge van God weet as wat predikers weet; hulle raak so kerklik gebonde. Dit was so, in die Bybel, en God verander nie.

114 Eendag, aangekom, vyf jaar gelede, van Broer Norman af, het ek in die pad afgery. En ek het pas 'n diens daar gehad, en die Here God het aan my verskyn in 'n visioen. En ek het gesit voor my hek, hier by my huis. En dit was skynbaar slegte weer.

115 Baie van julle mense sal die visioen onthou. Dis geskryf in my boek van visioene. Ek skryf hulle neer sodat ek seker kan wees dat ek hulle nie vergeet nie.

116 En in hierdie visioen het ek gesien, daar was iets wat deur die laan gekom het, en daar het klippe oraloor my werf gelê. En daar was padskrapers en slootgrawers, op-en-af in die laan, en bome was afgesny en ontwortel gewees. En ek het by die hek begin indraai, en dit was heeltemal geblokkeer met klippe. En ek het uitgeklim, om vir die man te sê: "Hoekom dit?"

En hy het baie vyandig geraak, my agteruit gestoot, en gesê: "Dis net hoe julle predikers is!"

117 Ek het gesê: "Ek het jou maar net gevra: 'Waarom doen jy dit?' Jy—jy kom hier oor na my kant van die straat. Waarom het jy dit gedoen?" En hy het my sommer byna geklap, my teruggestoot.

118 En ek het gedink: "Ek gaan hom sommer sê dat hy nie weet waarvan hy praat nie."

119 En 'n Stem het gepraat, gesê: "Moet dit nie doen nie. Jy is 'n prediker."

En ek het gesê: "Goed."

120 En ek het omgedraai, en aan my regterkant, sit voor die hek, was 'n ou prêriehoender. Julle weet wat, 'n tentwa, met perde ingespan daarvoor. En teenoor die drywer se kant het my vrou gesit. Ek het teruggekyk agterin, en my kinders het daaragter gesit. Ek het op die wa geklim. Ek het vir my vrou gesê: "Skat, ek het verdra alles wat ek kan verdra." En ek het die leisels opgetel en die voorperd getrek, en weggetrek in weswaartse rigting.

121 En 'n Stem het vir my gesê: "Wanneer dit vervul word, gaan dan weswaarts."

122 Broer Wood, die kontrakteur hier in ons kerk, en trustee. Hoeveel onthou nou die visioen, onthou ek het julle vertel? Sekerlik. Dis op papier neergeskryf. En ek het vir Broer Wood gesê . . . Hy het, van die kerk, hierdie erf daar tussenin gekoop. En hy wou 'n kliphuis daar gaan bou. Ek het gesê: "Moet dit nie doen nie, Broer Wood, want hulle sal jou nooit jou geld daaruit gee nie. Dalk, miskien . . . " Dis jare gelede, vyf jaar gelede. Ek het gesê: "Hulle gaan, miskien, daardie brug daardeur bring, en daardie klippe is waarskynlik my opgebreekte kelderverdieping, en my paadjies en dinge, wat hier lê." In plaas van klippe te wees,

was dit stukke beton. "En dan gaan hulle dit hier sit, want hulle het in die koerant gesê dis wat hulle probeer doen." Wel, hy het dit nie gebou nie. Uiteindelik het hulle besluit, omtrent 'n jaar gelede, of twee, hulle gaan dit deurbring, daar *hierlangs*. So dit het dit afgehandel, toe vergeet ek dit maar, en laat dit gaan.

123 Nou, die vreemde ding het omtrent 'n jaar gelede gebeur. Ek het dienste gehad een aand daar by Broer Junior Jackson s'n. Sit net hier, 'n Metodiste prediker wat die Heilige Gees ontvang het, en gedoop is in die Naam van Jesus Christus, en pastoor is by een van ons susterkerke.

124 Net om julle te wys hoe God handel met hierdie mense, ek sê dit met my hele hart. Ek weet nie van enige gemeente in die ganse wêreld, 'n gemeente enigsins meer tesame, waar ek glo die Gees van God is, as in hierdie gemeente nie. Hulle het hulle verskille. Hulle is sekerlik nog nie waar hulle behoort te wees nie, nie een van ons nie, maar hulle is so naby soos enigiemand anders waarvan ek weet.

Ek sal julle wys, geweet wat gaan gebeur.

125 Broer Jackson het 'n droom gedroom. Hy kon nie wegkom daarvan af nie; en ek was sy kerk aan die verlaat, en hy kon dit net nie uithou nie.

126 Hoe lank gelede was dit, Broer Jackson? [Broer Jackson sê: "Ek het die droom in Februarie van '61 gehad, Broer Branham."—Red.] Februarie van '61, het hy die droom gehad.

127 En hy het na my toe gekom, en hy het gesê: "Iets is op my hart. Ek moet jou vertel, Broer Branham."

Ek het gesê: "Gaan voort, Broer Jackson."

128 En hy het gesê: "Ek het 'n droom gehad." En daar was dit! Ek het net stil gesit, en ek het geluister en gekyk. Hy het gesê: "Ek het gedroom daar was 'n yslike groot heuwel, soos buite in 'n veld, waar blougras of iets was." En het gesê: "Bo-op die top van hierdie heuwel, waar die water die grond weggewas het, was daar 'n toprots, bo-op die heuwel, soos die top van die berg. Dit was rots; geen gras nie. En waar die water afgespoel het, het dit een-of-ander soort geskrif ingesny op hierdie klippe. En jy het daar gestaan, hierdie geskrif op hierdie klippe geïnterpreteer." En het gesê: "Ons almal," en hier is hoe hy dit gestel het, het gesê: "die broers van Georgia, en van oral rondom, ons het almal saam gestaan, geluister hoe jy daardie misterieuse skrif op daardie steen, daardie berg, interpreteer."

129 En het gesê: "Toe het jy iets opgetel, asof uit die lug, iets soos 'n breekyster, of—of 'n koevoet." Was dit nie, broer? "Iets soos dit, 'n breekyster, heel skerp." En het gesê: "Dit, hoe jy dit gedoen het, weet ek nie." En het gesê; "Jy het die top van hierdie berg geslaan, dit rondom geskeur, en die kop daarvan afgelig. Dit was in die vorm van 'n piramide. En jy het die top daarvan

afgeskeur." Nou, dit was maande en maande en maande voor die piramide-Boodskap gepreek is. En het gesê: "Daaronder was wit steen, graniet. En jy het gesê: 'Die son, of die lig, het nooit tevore Hierop geskyn nie. Gaan in Hierop. Hou Dit dop.'"

130 En dis reg, want, met die formering van die wêreld, is die wêreld gevorm voor daar lig was. Ons weet dit almal. God het oor die water beweeg. En—en dan, in die begin, het Hy vir lig gespreek. En, natuurlik, daar diep onder, in die tydperk wat formering was, het daardie lig nooit op daardie steen gekom nie.

131 En hy het gesê: "Kyk Hierna. Lig het nooit tevore Daarop gekom nie." En toe hulle almal bo was, en ek hulle gesê het om Daarna te kyk, en hulle almal het opgekom om in te kyk.

132 Maar hy het gesê, terwyl hulle ingekyk het, het hy uit die hoek van sy oog gekyk, dink ek was dit, en my dopgehou. En ek het weggestap eenkant toe, en na die Weste begin gaan, na die ondergaan van die son toe; kom teen 'n heuwel op, gaan teen 'n heuwel af; kom teen 'n heuwel op, gaan teen 'n heuwel af; raak kleiner en kleiner, en het heelpad uit sig uitgegaan.

133 En hy het gesê, toe, toe ek dit gedoen het, het hy gesê: "Toe het die broers omgedraai, na 'n ruk, gesê: 'Het hy verdwyn? Waarheen het hy gegaan?'" En het gesê: "Party het *daardie* rigting ingeslaan; party het een rigting gevat, en party 'n ander." Maar, baie min het gebly en gekyk na wat ek hulle gesê het.

134 Nou let op die interpretasie van die droom. Wat, ek het hom nooit 'n enkele ding gesê nie, of niks hiervan het ek, enigeen van hulle, vertel nie. Maar, ek het gesê: "Ja." En my hart, het gebewe. Ek het dopgehou. Nou, die misterieuse geskrif . . . Wag, ek sal dit net vir 'n rukkie daar laat.

135 Nie lank gelede nie, Broer Beeler . . . Broer Beeler is gewoonlik saam met ons. Is jy hier, Broer Beeler? Ja, hieragter. Billy het gesê: "Broer Beeler is heel verskeurd. Hy het 'n vreemde droom gehad."

136 Ek het na Broer Beeler toe gegaan, en hy het gesê, onder by sy huis een aand, toe ek op 'n paar besoeke gegaan het. En hy het gesê: "Broer Branham, ek het 'n vreemde droom gehad." Het gesê: "Ek het gedroom dat ek met 'n stroom water afgegaan het, na die weste toe. En daar was 'n pad aan die linkerkant. En ek was aan die linkerkant, het weswaarts gegaan op die pad, skynbaar soos op soek na beeste. En aan die regterkant, het ek toevallig opgelet nadat ek daar gekom het, daar was jy. En jy was 'n groot klomp beeste aan die bymekaar maak, en daar was baie voer daar." En het gesê: "Toe het jy daardie beeste gekry en met hulle teen die rivier op begin gaan." En, skynbaar, dat ek vir hom moes geknik het om daardie beeste dop te hou. En hy het gesê: "Nou, dit sal maklik wees vir daardie beeste, ek weet hulle sal die weg van minste weerstand volg. Maar Broer Branham wil hê hulle moet aan die regte kant van daardie rivier bly, so ek sal teruggaan op

hierdie pad en hulle keer om oor die rivier te kom aan hierdie kant, en hulle aan daardie kant hou." Maar, het hy opgelet, ek het nooit die beeste gevolg nie, maar het voortgegaan, weswaarts. Hy het gesê: "Hy soek seker afgedwaaldes."

137 Nouliks het hy die droom vertel, of ek het dit gesien. En toe, let op, het hy gesê het hy 'n bietjie lugtig geword vir my, toe gaan hy terug om te kyk. En het gesê ek het by 'n soliede berg gekom, en ewe skielik het ek verdwyn. En hy het gewonder wat verkeerd was. Hy het daarheen gegaan. En toe het hy 'n stroompie aan sy kant gehad, wat na links gevurk het. Ek dink dis reg, Broer Beeler. Ja. En hy het opgelet uit. . . En daar aan my kant was 'n vreeslike waterval. En toe het hy gedink ek kon in daardie valle beland het en—en vergaan het. Toe het hy opgelet, en hy het gesê hy het rondgekyk, hy het die uitwerking van daardie valle gesien, het na *hierdie* kant afgegaan en veroorsaak 'n artesiese bron om op te spuit, maar die water gaan nie terug in die grond nie. Hy het oorkant die takkie, of stroompie, gekyk en hy het 'n paar diere gesien met ronde ore. En het gesê: "Ek glo ek sal een vat." En hy het oorgesteek.

138 Toe begin dink hy oor my. En hy het bo-op 'n koppie gekom, om oor te kyk en te sien of daar 'n bietjie, smal lysie was, julle weet, waarmee ek sou kon omgeloop het. Maar, gesê: "Daar was niks." En hy het bekommerd geraak. Hy het gesê: "Wat het van ons broer geword? Wonder wat van Broer Branham geword het?" En toe hy bang geword het, het hy gesê het hy my hoor praat. En ek het bo-op die top van 'n berg gestaan. En het Broer Beeler 'n interpretasie van 'n droom vertel wat ek hom nie lank gelede nie gegee het, en het hom gesê om te wag op die Here, dat ek hom eendag op 'n eiland sou ontmoet. En daar was hy.

139 Nou, die interpretasie van daardie droom, is dit. Insoverre die stroom groot was, dit was die stroom van lewe. Ek het weswaarts daarop gegaan, en so het hy; want, hy was op 'n pad, hy het geloop klein. . . langs hierdie pad. En aan die ander kant was baie gras, maar baie ruigtes, en brame, en oerwoud; maar daarin was baie gras. En dis die manier waarop ons soek na die Here, en die Voedsel van die Here, deur swaarkry. Bymekaarmaak van die beeste; was hierdie kerk; hulle aan daardie kant hou. Beeste sal in werklikheid op die gelyk pad gaan, die denominasie, as hulle kan; wat, die pad het denominasie voorgestel. Ek het hom met die pad op terug laat gaan, om te sien dat hulle nie na enige denominasie gaan nie.

140 Insoverre dat hy 'n muur gesien het wat heeltemal onmoontlik was om verby te kom, wat my verhoed het om wes te gaan, was daardie belastingsaak met die regering. Niemand kon verstaan hoe ek ooit daaruit gekom het nie. Dit was 'n muur wat my versper het, maar die Here het my daardeur geneem, en ek was daaroor. Ek sal jou ontmoet, Broer Beeler, op die eiland.

141 So nou, toe, onmiddellik daarna, Broer Roy Roberson. Broer Roy, is jy vanaand hier? Ja, ek—ek reken . . . Wat? [’n Broer sê: “Daar aan die kant.”—Red.] Daar aan die kant. Hy het my gebel, en hy het ’n droom gehad. En hy het gedroom dat ons beeste bymekaarmaak. (Nou, dit is die derde een.) Maak beeste bymekaar. En daar was gras, pensdiep, volop kos. Al ons broers was bymekaar. En ons kom by ’n plek vir middagete, en Broer Fred Sothmann het opgestaan en gesê: “Elía, die groot profeet, sal vandag hiervandaan praat, om twaalfuur.” En toe, toe ons almal middagete gehad het, het almal weggegaan, en hy het gewonder waarom hulle nie gewag het om Dit gespreek te hoor nie.

142 Nou, kyk hoe dit presies inpas by Broer Jackson! Sien, dit tref presies, presies wat Broer Beeler gesê het! Niemand het gewag, om uit te vind nie.

143 Let op, onmiddellik daarna. Suster Collins, is jy hier? Suster Collins het ’n droom gedroom van hier by die kerk te wees, en daar was ’n troue bepaal om plaas te vind. En toe sy het, het sy die Bruidegom sien inkom, perfek; maar die Bruid was nie baie perfek nie; tog was dit die Bruid; nou, dis die Kerk. En daar was soos ’n nagmaal, of ’n—’n diens hier aan die gang, soos ’n middagmaal wat voorgesit word. En dit het soort van aan haar gevat omdat Broer Neville ’n middagete in die kerk bedien het, maar sy het gesê dit was die beste Voedsel wat sy ooit gesien het. Sy was so honger. Maar sy het gedink miskien dat, in die droom, dat hy Dit nie behoort te bedien nie, en sy en Broer Willard sou daar na die Ranch House toe gaan en eet. En toe hulle het, het die Lig aan die regterkant doodgegaan. Nou, julle weet wat Dit is.

144 Nou, die Voedsel. Die Bruid is nie perfek nie, maar die Bruidegom is perfek. Die Bruid is nog nie perfek nie, maar die Voedsel wat gegee was, was nie letterlike voedsel nie, dis die geestelike Voedsel wat julle gehad het, deurgans.

Laat ek hier stop by daardie vierde droom, net ’n oomblik.

145 Onthou julle nie, Broer Fred Sothmann, Broer Banks Wood, toe ons verlede jaar daar in Arizona was, toe ons op jag was na wilde varke, en die Here gepraat het? Ken julle nie die dinge wat Hy perfek gedoen het, getoon het wat sou gebeur, soos wat ons op die pad gegaan het nie? As dit reg is, sê: “Amen,” julle twee broers. [Die twee broers sê: “Amen.”—Red.] Mis nooit nie.

146 En ek het in ’n visioen gesien terwyl ons gery het, eendag, het ’n—’n visioen van die Here na my gekom, en ek was aan die gereed maak, op daardie tyd, om, wanneer ek weer tuis kom, om oorsee te gaan. En toe ek oorsee gegaan het, wel, ek het op die skip gesien . . . of kant van ’n see, waar die skepe uitgegaan het. En daar was ’n kort mannetjie daar, en hy het gesê: “Ek het ’n skuit vir jou gereed gemaak, Broer Branham.” En dit was ’n klein ou

kanotjie, omtrent—omtrent ’n voet lank, maar dit was spierwit. En hy het vir my gesê: “Dit is vir jou om in oor te steek.”

“O,” het ek gesê: “dit—dit—dis nie voldoende nie.”

147 Hy het gesê: “Dit sal veertig myl per uur haal, op-en-af *hierlangs*.” Dis op-en-af teen die wal.

148 “Maar,” het ek gesê: “dit sal my nie oorkant toe neem nie.” En toe het hy afgekyk en gesê: “Gaan soos hulle gaan.” En ek het gekyk en daar het Broer Fred Sothmann en Broer Banks Wood gesit in ’n groen geverfde kano, met bietjie kamptoerusting daar agterin. Broer Banks met ’n opgeslane hoed soos *dit*; Broer Fred met syne ingeknyp op die bek. En hy het gesê: “Gaan soos hulle.”

Ek het gesê: “Nee. Ek sal nie.”

149 En hierdie man het vir hulle gesê. Die mannetjie het gesê: “Is julle skuitmanne?”

Broer Banks het gee: “Ja.” Broer Fred het gesê: “Ja.”

150 Maar ek het gesê: “Hulle is nie. Ek is ’n skuitman, en ek weet dit sal net nie daarvoor deug nie, en ek’s seker ek sal nie op daardie manier gaan nie.”

Het gesê: “Sal jy nie saam met hulle gaan nie?”

Ek het gesê: “Nee. Nee.”

151 Wel, ek het omgedraai. En, toe ek het, het die mannetjie by die dok geblyk my goeie broer, Broer Arganbright te wees.

152 En ek het teruggegaan in hierdie visioen, en daar was ’n lang geboutjie. En toe het ’n Stem vir my gesê. (En julle almal onthou dit, of baie van julle.) ’n Stem het vir my gesê: “Bring Voedsel in. Stoor Dit binne. Dis die enigste manier om hulle hier te hou, is gee hulle Voedsel.” En ek het ingebring, het al ingebring gehad, yslike groot vate vol van die mooiste geelwortels en die mooiste groente, en dinge, wat ek ooit gesien het. Onthou julle nou, die visioen? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.]

153 Nou, en ek het julle later gesê wat die interpretasie was. Ek was veronderstel om na Zürich, Switserland te gaan, saam met Broer Arganbright, vir vyf-aand dienste. Ek het die broers gesê voor dit gebeur het: “Ek sal nie gaan nie.” En ek was onder by Broer Welch Evans daar, toe Dit die interpretasie gegee het.

154 Een aand, ek dink Broer Welch het my kom haal, ons sou op ’n visvangtog gaan, en het gesê Broer Arganbright het my gebel. Ek het gesê: “Nou goed, hier is dit. Hulle gaan my wegwys.” En baiekeer . . .

155 Nie deur Broer Miner nie; hy is een van die beste vriende. Maar somtyds, as hulle net kan . . . As hulle dink jy gaan iets preek wat teen hulle doktrine is, sê hulle net jy gaan daar wees, om jou vriende daar te kry. En hulle het gesê . . .

156 Broer Arganbright het my gebel en gesê: “Broer Branham,” net wat die Gees gesê het. Het gesê: “Jy kom saam, bring jou vrou

saam met jou," gesê: "want jy sal nie veel hoef te preek nie," gesê: "want ek dink hulle het jou slegs vir een aand." En het gesê: "Jy hoef daardie een dalk nie te preek nie."

En ek het gesê: "Nee."

157 "Wel," gesê: "kom saam, jy en jou vrou, kom julle almal saam, sien, en as julle dit doen, sal ek julle op 'n toer neem. O, my vrou, jou vrou, en hulle almal, ons sal opgaan deur Switserland, oor deur Palestina."

Ek het gesê: "Nee."

158 Ek het die interpretasie gehad. Ek het Broer Welch gesê, of Broer Fred-hulle: "Ek sal julle môre sê, maar eers moet my vrou iets sê." En toe ek haar gebel het, toe het sy verseg om te gaan. Ek het gesê: "Hier is dit." Sien?

159 Nou, daardie klein, wit skuitjie was daardie een diens. Dis in orde om na enige plek toe te gaan, op die wal, met een diens, maar dis nie genoeg nie, al was dit wit en goed, om my oorkant toe te roep nie.

160 Broer Fred, en broer daar, verteenwoordig in die visioen, hulle het "Gaan as 'n toeris, vir plesier," verteenwoordig. Maar ek het nie sin gehad om dit te doen nie. En om hulle as skuitmanne te weier, dit het beteken hulle was nie predikers nie. Maar, ek was 'n prediker.

161 En dan die Voedsel in daardie lang geboutjie. Ek het nie oorsee gegaan nie; en na hierdie geboutjie teruggekeer, en ons het dosyne bande gemaak, van die piramides en alles, om die mense die uur te wys waarin ons lewe.

162 Nou vergelyk selfs dit met die ander, die drome. Dit was 'n visioen. Die Voedsel, hier is Dit. Hierdie is die plek.

163 Let dan op wat plaasgevind het. Dan onmiddellik nadat daardie vierde visioen aangekom het, of vierde droom my vir my vertel is, kom 'n Broer Parnell aan. Hy's hier, êrens, net hier. En Billy was nie hier nie, en die man was oorstelp. Hy is van Bloomington, dink ek, of Bedford? ['n Broer sê: "Lafayette."—Red.] Lafayette, hou dienste. En hy het 'n droom gehad, en hy kom daar na Broer Wood toe. En hy het gesê: "Ek kan dit net nie laat gaan nie. Ek moet dit vertel, moet Broer Branham vertel. Dit pla my."

164 En God weet, nie een droom tussen hulle in nie. Kom sommer, een, twee, drie, vier, vyf, ses.

165 Broer Parnell het gesê: "Ek het 'n vreemde droom gehad. Ek het gedroom ek gaan 'n diens daar hou. En op een of ander manier is daar 'n diens hier in 'n nuwe kerk, skynbaar." En het gesê: "Hierdie nuwe kerk," hoe dit uitgekom het, dat hy gewonder het waarom daar geen samewerking tussen die twee was nie, of iets van die aard. En hy het gesê hy het hier gestaan, totdat: "Wel, ek was al hierbinne. Ek sal maar wag, en ek sal die

diens verdra." En het gesê: "'n Man het deur die gebou gekom, met 'n bruin pak aan, en 'n boek. Ek dink hy het geskrywe." En hy het Broer Parnell vertel, gesê: "'Hierdie is 'n geslote vergadering. Dis slegs vir diakens en trustees.'" Wel, hy het soort van 'n bietjie afgehaal gevoel. Toe het hy by die deur van die nuwe kerk uitgegaan, die kerk wat opgerig was, of hierdie een herstel, oorgedoen. En toe hy buitentoe is, het dit gesneeu, slegte weer, wintertyd.

En nie een van hierdie mense het iets hiervan geweet nie.

166 En toe hy by die deur uitgegaan het, het ek daar gestaan, weswaarts gekyk. Ek het gesê: "Moenie afgehaal voel nie, Broer Parnell. Ek sal jou rig, wat jy behoort te doen."

167 En Broer Parnell, en enige van die res van hulle, het geweet ek het hulle nooit enige interpretasie gegee nie. Dis net nou; tog, het dit gesien wanneer hulle dit sou vertel. Het jy opgelet hoe gou ek daaruit gekom het, Broer Parnell? Om te keer van jou te moet vertel. En het voortgegaan, nooit iets gesê vir Broer Wood of enigiemand anders nie. Het dit net gelos, want ek wou sien waarheen dit gelei het. Het julle my onlangs hoor sê: "Ek's gepla"? Dis wat dit was.

168 En dan, Broer Parnell, hy het gesê dat ek vir hom gesê het: "Broer Parnell, begin. En die eerste plek waarby jy sal kom, sal Zipporah wees." Zipporah: "Zipporah," wat komma beteken, of stop, of iets. Ek het gesê: "Moenie daar bly nie. Gaan dan, volgende, en jy sal 'n ou vrou kry; en moet dan nie daar stop nie. Gaan weer, jy sal 'n werklik ou vrou kry; moenie daar stop nie." En die heeltyd het ons, wat ek gepraat het, het ons deur die sneeu geloop. En ek het gesê: "Gaan tot jy my Vrou kry. En wanneer jy my Vrou kry, stop daar!" En het gesê hy het gekyk, en ons was uit die sneeu uit, op die woestyn. En ek het verdwyn. En hy het teruggekyk, en hy het sy vrou water uit 'n put sien pomp, en een of ander prediker wat aan haar trek, om haar van die pomp af weg te trek. Sy het hom dopgehou. En hy het wakker geword.

169 Hier is die interpretasie van jou droom. En ek sou jou daardie aand kon gesê het, maar ek het net weggedraai. Insoverre dat Zipporah, en een ou vrou, en 'n ander werklik, werklik ou vrou, dis kerke. Sien? En Zipporah synde in werklikheid die—die vrou van Moses, Zipporah, en ons let op dat ek hom gesê het om nie by hulle te stop nie, maak nie saak hoe oud hulle was nie. Hulle was organisasies. Moenie by hulle stop nie. Hulle het hulle tyd geleef. Maar wanneer hy by my Vrou kom, wat my Kerk is wat Jesus Christus my gestuur het, dit is hierdie laaste dag, en hier is Dit: "Stop daar!" En ek was weg weswaarts.

170 Toe Suster Steffy. Sy is dalk nie hier nie, want sy was in die hospitaal. Ek weet nie waar. . . Is Suster Steffy. . . Ja, hier is sy. Suster Steffy het na my huis gekom vir gebed, voor sy hospitaal

toe gegaan het vir operasie, dat God haar sou help en haar seën. En Hy het beslis.

En sy het gesê: "Ek het 'n vreemde droom gehad, Broer Branham."

Ek het gesê: "Ja?"

171 En sy het gesê: "Ek het gedroom ek was in die Weste. En ek . . ." Dis die sesde een. En sy het gesê: "Ek het gedroom ek was daar in die Weste, en het rollende landskap. En toe ek gekyk het, gestaan op 'n heuwel, was daar 'n werklik ou man met lang, wit baarde, en watter hare hy gehad het, het afgegroei dwarsoor sy gesig. En hy het 'n wit omhangsel, iets, kleed gehad," het gesê: "die wind het dit gewaai." Ek dink dis reg, Suster Steffy, soos dit. En het gesê: "Ek het bly naderkom. Hy het gestaan, bo-op die top van 'n berg, het ooswaarts gekyk." En het gesê: "Ek het gewonder: 'Wie is hierdie ou man?'" En sy het nader, nader beweeg. En toe sy nadergekom het, het sy herken wie dit was. Dit was die onsterflike Elía, die profeet, wat daarbo staan, na die Ooste kyk.

172 Sy het gesê: "Ek moet hom sien." Sy het 'n behoefte gehad. En sy het die heuwel opgehardloop en daar neergeval, om met hom te praat, in die naam van Elía. En het gesê, toe sy gepraat het . . . Sy het 'n stem hoor sê: "Wat wil jy hê, Suster Steffy?" En dit was ek.

173 Jou droom is net daar vervul, Suster Steffy. Want, onmiddellik daarna, het ek na Louisville gegaan. Waarvan sy behoefte gehad het, was die gebed. Sien? En sy het heel goed deurgekom, by die hospitaal; en die teken van ek wat weswaarts gaan, dophou ooswaarts, vir my trop. Let op. Wanneer . . .

174 Ek het na Louisville gegaan. En toe ek terugkom, het ek soort van by die hek in begin gaan, en daar was afbouplekke daar gedryf, oor my hek. Mnr. Goynes, van die stadstrate hier, het met die laan opgegaan. Hy het gesê: "Billy, kom hier." Het gesê: "Jy moet my hekke en dinge verskuif, muur, klipmuur en hekke."

Ek het gesê: "Wel, goed, Bill." Ek het gesê: "Ek sal—ek sal dit doen. Wanneer?"

175 Hy het gesê: "Ek sal jou sê. Ek sal jou laat weet wanneer." Ek het gesê . . . "Net die eerste van die jaar, gaan hulle dit begin doen."

Ek het gesê: "Goed."

176 Toe begin ek teruggaan in die huis in, en vrou het gesê: "Ek moet gou-gou kruidenier toe gaan." En ek het met die laan afgegaan. En 'n seun, Raymond King, wat die stadsingenieur is. Ek het hom altyd "Mud Ear" genoem. Want, ons was kindertjies, saam geswem, het hy 'n kêrel op die oor getref met 'n modderklont. En ons het hom altyd "Mud Ear" genoem. Hy

woon reg in die laan van my af, omtrent—omtrent tweede deur onderkant Broer Wood.

En toe het ek gesê: "Mud, kom 'n minuut hier."

Hy het gesê: "Goed, Billy." En hy het daarnatoe gekom.

Ek het gesê: "Daardie paal wat jy ingedryf het?"

177 Hy het gesê: "Billy, dis; hulle gaan die hele ding invat." Het gesê: "Al hierdie bome, hierdie heinings, en alles anders, moet verskuif word."

178 Ek het gesê: "Wel, die ingenieur het my gesê dat my eiendom na die middel van die straat kom."

179 Het gesê: "Ja, maar hulle gaan dit uitbrei. Gaan dit insluit, in elk geval." Gesê: "Myne is ook."

180 Ek het gesê: "Wel, Broer Wood is 'n—is 'n klipmesselaar, en," het ek gesê: "ek sal—ek sal hom sommer dit laat terugskuif."

181 Het gesê: "Billy, moenie daaraan raak nie. Laat die kontrakteur dit doen. Dis die pastorie, is dit nie?"

Ek het gesê: "Ja, meneer."

Gesê: "Laat hom dit doen." Gesê: "Jy weet wat ek bedoel."

Ek het gesê: "Ja."

182 En ek het weggedraai, en, *so* vinnig, het iets dit getref. [Broer Branham klap sy vinger—Red.] Ek het huis toe gegaan, in my studeerkamer ingegaan, daardie boek opgetel, en daar was dit. Dit was nie betonblokke nie; dit was klippe. Ek het gesê: "Meda, maak gereed."

183 Ses direkte drome, en toe het die visioen die toppunt gemaak. "Wanneer hierdie dinge vervul word, draai weswaarts."

184 Ek het Tucson gebel. Broer Norman het 'n plek. Ek weet nie waarheen ek gaan nie. Ek weet nie wat om te doen nie. Ek's net in 'n . . . Ek staan. Ek weet nie wat om te doen nie. Ek verlaat 'n tuiste waarop ek nie huur betaal nie. My verdienste is honderd dollar 'n week. En ek moet byna honderd dollars 'n maand vir 'n huis betaal. Ek's hier reg by my broers en susters, waar ek geliefd is. En ek gaan, ek weet nie waarheen nie. Ek weet nie waarom nie. Ek kan julle nie sê waarom nie. Maar daar is net een ding wat ek weet, is volg wat Hy sê doen. Ek weet nie, weet nie waarheen om te draai, wat om te doen nie. Dis niks van my . . .

185 Ek skat Abraham het so gevoel toe Hy hom gesê het: "Gaan oor, oorkant die rivier." Hy het nie geweet wat om te doen behalwe vertoef, hom afsonder nie. Ek het nie geweet wat om te doen nie.

186 Verlede Saterdagoggend, een week voor gister, daar omtrent drie-uur in die oggend. Ek het opgestaan en gaan water drink en het die deken oor Joseph gesit, in sy kamer. En toe kom ek terug, en het net gaan lê. Ek het aan die slaap geraak. En toe ek

aan die slaap geraak het . . . Ek kry hierdie klein drome en dinge weg, sodat julle die agtergrond sal sien van wat ek van plan is om te sê. Ek—ek het Joseph toegemaak, en ek het teruggegaan en gaan lê, en aan die slaap geraak. En ek het 'n droom gedroom.

187 En ek het gedroom dat ek 'n man gesien het wat veronderstel was om my vader te wees, al was hy 'n yslike groot man. En ek het 'n vrou gesien wat veronderstel was om my moeder te wees, net sy het nie soos my moeder gelyk nie. En hierdie man was baie gemeen teenoor sy vrou. En hy het 'n driehoekige stok gehad, waar hy hierdie hout gekloof het. En dit het gemaak 'n . . . Julle weet, houtkap, langs 'n stomp, julle weet, dit maak 'n driehoekige stok. En elke keer wat hierdie vrou sou probeer opstaan, sou hy haar net aan die nek gryp en haar oor die kop slaan, en haar uitslaan. En dan sou sy daar lê, en snik en huil, en dan sou sy weer begin opkom. Hy sou rondloop, trots, met sy bors uitgestoot, yslike groot vent. En wanneer sy weer sou opstaan, sou hy haar aan die nek vat, en hierdie driehoekige stok vat, en haar oor die kop slaan daarmee, haar neerfel. Terugloop en sy bors uitstoot, asof hy iets groots gedoen het.

188 En ek het weggestaan, dit dopgehou. Ek het gedink: "Ek kan daardie man nie takel nie. Hy is te groot. En, dan, hy is veronderstel om my pa te wees, maar hy is nie my pa nie." En ek het gesê: "Hy het geen saak om so met daardie vrou te maak nie." En ek het soort van 'n bietjie omgekrap geraak oor hom. So, toe, ewe skielik, het ek genoeg moed bymekaar gemaak, en ek het daar na hom toe gegaan, en hom aan die kraag gegryp en hom omgedraai. En ek het gesê: "Jy het geen reg om haar te slaan nie." En toe ek dit gesê het, het spiere gegroei. Ek het soos 'n reus gelyk. En die man het daardie spiere gekyk, en toe het hy bang geraak vir my. En ek het gesê: "Slaan jy haar weer, gaan jy met my te doen kry." En hy het soort van gehuiwer om haar weer te slaan. En toe het ek wakker geword.

189 En ek het 'n rukkie daar gelê. Ek het gedink: "Wat is dit? Vreemd dat ek van daardie vrou sou droom." En sommer binne 'n oomblik, hier kom Hy. Ek het die interpretasie gekry.

190 Die vrou stel die kerk van die wêreld voor, vandag, die hele wêreld. Ek is reg in hierdie gemors gebore, en hier is ek. Sy is veronderstel om soort van 'n—'n moeder te wees van . . . as sy 'n moeder was van hoere, maar tog is ek reg daarin gebore. En die . . . Haar man is die denominansies wat haar regeer. Die driehoekige stok wat sy gehad het, is daardie drie-enige doop in valse name. Dat, elke keer wat sy begin opstaan, die gemeente Dit aanvaar, slaan hy haar neer daarmee. En, natuurlik, hy synde so groot, het ek omgedraai, was 'n bietjie bang vir hom. En toe het ek vasgeloop in hom, nogtans, en die spiere was geloofspiere. Dit het my laat dink: "As God met my is, en my spiere kan gee, laat ek vir haar opstaan. 'Hou op om haar te slaan!'"

191 Moes tienuur in die dag gewees het, toe my vrou in die kamer probeer inkom het, en dit gebeur het. Ek het in 'n visioen gegaan daardie oggend, en ek het op een of ander manier . . . Nou, onthou, dit was nie 'n droom nie.

192 Daar's verskil tussen drome en visioene. Drome is wanneer jy aan die slaap is. Visioene, wanneer jy nie aan die slaap is nie. Ons word so gebore. Die gewone menslike wese, wanneer hy droom, is dit in sy onderbewussyn. En sy onderbewussyn is ver weg van hom. Sy sintuie is aktief, solank as hy in sy eerste bewussyn is. In hierdie bewussyn, is jy, jy normaal; jy sien, proe, voel, ruik, hoor. Maar wanneer jy in jou onderbewussyn is, aan die slaap, jy sien nie, nóg proe, voel, ruik of hoor jy. Maar daar's iets, wanneer jy droom, wat jy terugbring na hierdie bewussyn. Daar's 'n geheue, dat jy iets onthou waaroor jy gedroom het, jare gelede. Die gewone menslike wese is so.

193 Maar wanneer God iets voorbestem, is hierdie onderbewussyn nie ver weg hiervan dan, vir die siener nie, maar beide bewussyne is reg bymekaar. En die siener, in 'n visioen, raak nie aan die slaap nie. Hy's steeds by sy positiewe, en sien dit.

194 Ek het dit verduidelik vir 'n paar dokters, nou die dag. En hulle het opgestaan en gesê: "Wonderlik. Nooit eens aan so-iets gedink nie." Toe ek 'n golftoets ondergaan het, en hulle het gesê ek . . . Hulle het nog nooit so-iets gesien nie. Sien? "Wel," gesê: "daar is iets wat met jou gebeur." En ek het gesê. Ek het dit vertel. Hy het gesê: "Dis dit, presies." Sien?

195 Die twee bewussyne sit reg naby mekaar. Dis niks wat ek kan doen nie, en dit maak nog niks meer as enigiemand anders nie. Dis net, God het dit so gemaak. Jy raak nie aan die slaap nie. Jy's reg hier, net soos 'n slaap. Jy staan hier, kyk rond, soos *dit*.

196 En julle almal het dit gesien, regoor die wêreld. Jy raak nie aan die slaap nie. Staan hier op die platvorm, praat met mense, julle hoor my in 'n visioen ingaan en terugkom. Wanneer ek saam met julle in 'n kar ry, enige ander plek, en julle dinge sê wat gaan gebeur; en faal nooit, het nog nooit. Het enigeen dit ooit sien faal? [Gemeente sê: "Nee."—Red.] Nee, meneer. Dit kan nie faal nie. Dit sal nie faal nie, solank as dit God is. Let op, reg op die platvorm, duisende, voor tienduisende mense, selfs in ander tale wat ek nie eens kan praat nie, tog faal dit nie. Sien? Dis God!

197 Nou, in hierdie visioen, of soos ek gepraat het, het ek gekyk en het ek 'n vreemde ding gesien.

198 Nou, dit het gelyk asof my seuntjie, Joseph, aan my sy was. Ek het met hom gepraat. Nou, as julle die visioen baie goed sal dophou, sal julle sien waarom Joseph daar gestaan het.

199 En ek het gekyk, en daar was 'n groot bos. En op hierdie bos, in 'n—in 'n konstellasie van voëls, klein ou voëltjies, omtrent halfduim lank, en 'n halfduim hoog. Hulle was klein veterane.

Hulle veertjies was platgedruk. En daar was omtrent twee of drie op die boonste tak, ses of agt op die volgende tak, en vyftien of twintig op die volgende tak; kom af in die vorm van 'n piramide. En daardie kêreltjies, boodskappertjies, en hulle was behoorlik afgemat. En hulle het ooswaarts dopgehou.

200 En ek was by Tucson, Arizona, in die visioen, want dit het dit so doelbewus gemaak dat Hy nie wou hê ek moet faal om te sien waar dit was nie. Ek het 'n klitsgras van my afgetrek, van die woestyn. En ek het gesê: "Nou, ek weet dit is 'n visioen, en ek weet dat ek in Tucson is. En ek weet dat daardie voëltjies daar iets voorstel." En hulle het ooswaarts dopgehou. En ewe skielik het hulle 'n idee gekry om te vlieg, en weg was hulle, ooswaarts.

201 En sodra hulle vertrek het, het 'n konstellasie van groter voëls gekom. Hulle het soos duiwe gelyk, skerpgepunte vlerke, soort van 'n grys kleur, bietjie ligter kleur as wat hierdie eerste boodskappertjies was. En hulle het ooswaarts gekom, blitsvinnig.

202 En net na hulle uit my sig uitgegaan het, het ek weer gedraai om weswaarts te kyk, en daar het dit gebeur. Daar was 'n knal wat werklik die hele aarde geskud het.

203 Nou, moenie dit mis nie. En julle, op band, maak seker julle kry dit reg.

204 Eers, 'n knal. En ek het gedink dit het geklink soos 'n klankgrens, wat jy dit ook al noem wanneer vliegtuie die klank oorsteek, en die klank na die aarde terugkom. Het sommer geskud, soos, gebrul, alles. Dan, dit kon 'n—'n—'n groot donderslag gewees het, en weerlig, asof; ek het nie die weerlig gesien nie. Ek het net daardie groot knal gehoor wat voortgekom het, wat geklink het of dit suid van my was, na Mexiko toe.

205 Maar dit het die aarde geskud. En toe dit het, het ek steeds weswaarts gekyk. En ver weg in die Ewigheid in, het ek 'n konstellasie van iets sien kom. Dit het gelyk asof dit kolletjies kon gewees het. Daar kon nie minder as vyf gewees het nie, en nie meer as sewe nie. Maar, Hulle was in die vorm 'n piramide, soos hierdie boodskappers gekom het. En toe dit het, het die Krag van die Almagtige God my opgelig om Hulle te ontmoet.

206 En ek kan Dit sien. Dit het my nooit verlaat nie. Agt dae het verloop, en ek kan dit nog nie vergeet nie. Ek het nog nooit iets gehad wat my gepla het soos dit het nie. My familie sal julle kan sê.

207 Ek kon daardie Engele sien, daardie na-agter-gevormde vlerke, trek vinniger as wat klank sou kon trek. Hulle kom van Ewigheid, in 'n split, soos 'n oogwink. Nie genoeg om jou oog te knip nie, net 'n wink, was Hulle daar. Ek het nie tyd gehad om te tel nie. Ek het nie tyd gehad vir meer as net kyk nie. Magtiges, groot, kragtige Engele, sneeuwit; vlerke geplaas, en koppe. En

Hulle was: "Whew-whew!" En toe dit het, is ek opgeraap in hierdie piramide van konstellasies in.

208 En ek het gedink: "Nou, dit is dit." Ek was oral verlam. En ek het gesê: "O, goeiste! Dit beteken dat daar 'n knal sal wees wat my sal doodmaak. Ek is nou by die einde van my pad. Ek moenie vir my mense sê, as hierdie visioen weggaan nie. Ek wil nie hê hulle moet daarvan weet nie. Maar, die Hemelse Vader het my nou laat weet dat my tyd om is. En ek sal nie my familie vertel nie, sodat hulle hulle oor my bekommer: 'Omdat, hy gereed maak om te gaan,' nie. En daardie Engele het vir my gekom, en ek sal nou binnekort doodgaan in 'n soort van 'n ontploffing."

209 Toe kom dit na my toe, terwyl ek in hierdie konstellasie was: "Nee, dit is nie dit nie. As dit jou sou doodgemaak het, sou dit Joseph doodgemaak het." En ek kon Joseph na my hoor roep.

210 Wel, toe het ek weer omgedraai. Ek het gedink: "Here God, wat beteken hierdie visioen?" En ek het gewonder.

211 En toe kom dit na my, (nie 'n stem nie) kom net na my. "O! Dit is die Engele van die Here, kom om my my nuwe opdrag te gee." En toe ek dit gedink het, het ek my hande opgehef, en ek het gesê: "O Here Jesus, wat wil U hê moet ek doen?" En die visioen het my verlaat. Vir byna 'n uur, kon ek nie voel nie.

212 Nou, julle mense weet wat die seëninge van die Here is. Maar, die Krag van die Here is heeltemal anders, die Krag van die Here in daardie soort plekke. Ek het Dit gevoel, baie, baiekeer, tevore, in visioen, maar nooit soos dit nie. Dit voel soos'n eerbiedige vrees. Ek was so bevrees, dat ek verlam was, in die teenwoordigheid van hierdie Wesens.

213 Ek praat die Waarheid. Soos Paulus gesê het: "Ek lieg nie." Julle het my nooit gevang iets verkeerd sê oor iets soos dit nie. Iets maak klaar om te gebeur.

214 Toe, na 'n ruk, het ek gesê: "Here Jesus, as ek doodgemaak gaan word, laat my weet, sodat ek nie my mense hiervan sal sê nie. Maar as dit iets anders is, laat my weet." Maar, niks het geantwoord nie.

215 Nadat die Gees my verlaat het, vir omtrent 'n halfuur, skat ek, of meer, het ek gesê: "Here, as dit dan is, dat ek doodgemaak gaan word, en U klaar is met my op aarde, en—en ek nou Huis toe geneem gaan word; wat, as dit dit is, is dit goed. Dis in orde. So," het ek gesê: "as dit dit is, laat my weet. Stuur U Krag weer terug op my, dan sal ek weet om nie my mense of enigeen daarvan te sê nie, omdat U gereedmaak om my te kom wegraap." En ek . . . En niks het gebeur nie. En ek het 'n ruk gewag.

216 Toe het ek gesê: "Here Jesus, as dit nie dit beteken het nie, en dit beteken dat U iets vir my het om te doen, en dit later aan my openbaar sal word, stuur dan U Krag." En Dit het my byna uit die kamer uitgevat!

217 Ek het my bevind, êrens, oorkant in 'n hoek. Ek kon my vrou hoor, êrens, het 'n deur probeer skud. Die deur in die slaapkamer was gesluit. En ek het 'n Bybel oop gehad, en dit . . . Het gelees, ek weet nie, maar dit was in, dink ek, Romeine die 9de hoofstuk, die laaste vers.

> . . . *Kyk, Ek lê in Sion 'n* hoeksteen*, 'n rots van struikeling,* 'n kosbare hoeksteen*; en elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie.*

218 En ek het gedink: "Dis eienaardig dat ek dit sou lees." Gees dra my steeds, in die kamer! Ek het die Bybel toegemaak en daar gestaan.

219 Ek het daar na die venster toe gegaan. Dit was omtrent tienuur in die dag, of later. En ek het my hande opgehef, en ek het gesê: "Here God, ek verstaan nie. Hierdie is 'n vreemde dag, vir my. En ek is buite myself, byna."

220 Ek het gesê: "Here, wat beteken dit? Laat my weer lees, as dit U is." Nou, dit klink kinderagtig. En ek het die Bybel opgetel, dit oopgemaak. Daar was dit weer, by dieselfde plek, Paulus wat vir die Jode sê dat hulle probeer het om . . . sê vir die Romeine dat die Jode probeer het om Dit deur werke te aanvaar, maar dis deur geloof dat ons Daarin glo.

221 Wel, dit was 'n geweldige tyd, sedertdien. Nou sien julle waar ek staan. Ek weet nie wat gebeur het nie. Ek weet nie wat om te sê nie.

222 Maar nou laat ek, nou, van nou af aan, vir die volgende omtrent vyftien, twintig minute, laat my nou hier iets probeer sê. Onthou, nie een keer het daardie visioene ooit gefaal nie. Nou gaan ek die Skrifte vir 'n oomblik neem, as julle oplet, in Openbaring die 10de hoofstuk. Nou laat ek dit sê. As die visioen Skriftuurlik is, kan dit slegs deur die Skrif geïnterpreteer word. En dan wil ek hê julle moet dit bymekaar sit.

223 En nou, julle teenwoordig, en julle op band, maak seker julle sê dit soos ek dit sê, want dit sou vreeslik maklik misverstaan kon word.

224 Is julle haastig? [Gemeente sê: "Nee."—Red.] Goed. Net . . . Ek dank julle so mooi stil is.

Nou: "Die sewende engel . . . "

225 Nou, menere, (soos ek dit betitel) is dit die teken van die eindtyd? Waar leef ons? Watter tyd van die dag is dit? Soos die vermoeide worstelaar, deur die nag, opstaan en die horlosie aansit, om te kyk om te sien wat dit is, die lig aanskakel. My gebed is: "God, laat ons die Lig aanskakel."

226 Ek staan op 'n aaklige plek, as julle dit maar geweet het. Onthou, ek sê julle in die Naam van die Here, ek het julle die waarheid vertel, en iets maak klaar om te gebeur.

227 Ek weet nie. Nou, julle op band, begryp dit. Ek weet nie. Ek gaan probeer. Wat na my kom, gister, gesit in my studeerkamer. Ek sê nie dat dit die waarheid is nie; dit was net iets wat in my hart geroer het, waar ek oor die vloer geloop het.

228 Ek—ek was veronderstel om daarheen te gaan, 'n bietjie tyd af te hê en daarheen te kom saam met Charlie, en een dag te gaan jag saam met hom, voor ons van mekaar moes skei.

229 Laat my sê, dat, omdat ek weste toe gaan, is dit nie dat ek hierdie tabernakel verlaat nie. Hierdie is die kerk wat die Here God my gegee het. Hier is my hoofkwartier. Dis hier waar ek bly. Ek gaan net in gehoorsaamheid aan 'n opdrag wat my deur visioene gegee is. My seun, Billy Paul, sal my sekretaris bly. My kantoor sal reg hier by hierdie kerk wees. Met die hulp van God sal ek hier wees wanneer dit . . . hierdie ding klaar is, om die Sewe Seëls te preek. En enige bande wat ek maak, of enigiets anders, sal net hier by hierdie kerk gemaak word. En net hier, sover ek weet, is die plek waar ek met meer vryheid kan preek as wat ek êrens anders in die wêreld kan, omdat daar 'n groep mense hier is wat glo, en honger is en vashou. En dit voel soos huis, vir my. Dit is die plek. En as julle oplet, die drome spreek dieselfde ding, sien, waar die Voedsel.

230 Nou, maar, ek weet nie wat in die toekoms lê nie, maar ek weet Wie die toekoms hou. Dis die vernaamste ding.

231 Nou, God, as ek verkeerd is, vergewe my, en sluit dan my mond, Here, vir enigiets wat nie U wil sal wees nie. Ek doen dit slegs omdat ek beïndruk is, Here. Mag die mense verstaan; slegs beïndruk.

232 Waarom ek dink die interpretasie nooit onmiddellik gekom het nie, dit was deur die soewereiniteit van God, want ek glo dis hier in die Bybel vir my uitgeskryf. En dan as dit Skriftuurlik is, is dit slegs die Skrif wat dit kan interpreteer. En as dit waar is, broer, suster, ek bedoel nie om julle bang te maak nie, maar wees liewer nou baie versigtig. Ons maak gereed om . . . Iets maak gereed om te gebeur. En ek sê dit met eerbied in die vrees van God. En dink julle ek sou hier staan . . . En julle mense glo selfs in my om 'n profeet te wees; ek maak nie daarop aanspraak te wees nie.

233 My gevoel was dit. Na- . . . Verlede jaar, het ek gesê: "Ek . . . Al ding wat ek gesien het, die herlewing was oor, in die nasies, of, in hierdie nasie, in elk geval." Ek het 'n evangelistiese toer onderneem. Baie van julle het met my saamgegaan. O, dit was in orde. Ons het groot tye beleef, wonderlike dienste, baie skares, maar dit het net nie die kol getref nie.

234 Hierdie jaar, onderneem ek 'n sendingtoer. Sodra ek kan, gaan ek na Afrika, Indië, en rondom die wêreld, as ek kan, op nog 'n sendingtoer.

235 As dit nie werk nie, dan neem ek nóg water, nóg voedsel, en klim ek sommige van die hoë berge oorkant uit, en ek gaan daar bly totdat God op 'n manier antwoord. Ek kan nie so lewe nie. Ek kan net nie voortgaan nie.

236 Dit mag die antwoord hier wees. Ek weet nie. "Totdat Hy my verander," onthou julle die visioen omtrent drie weke gelede, "gestaan in die son, vir die gemeente gepreek"? Julle almal was verlede Sondag hier gewees. Baie Sondae, julle mense hier wat die bande kry, en—en hier is wanneer dit gemaak word, julle verstaan hierdie dinge. Want, nou sal ek hierdie plekke slegs aanraak, en hou julle dit dop. Sommer selfs elke stukkie van dit wat gesê was, tipeer reg hierin, so dit moet die interpretasie wees. Ek weet nie. Dis waarom ek sê, menere, is dit dit?

237 Ek glo dat "die sewende engel" van Openbaring 10 is die sewende kerkeeu-boodskapper van Openbaring 3:14. Onthou. Nou laat ek lees. Kyk waar ek kan lees. Nou, hierdie was die sewende engel.

> *Maar in die dae van die stem van die sewende engel,* (7de vers) *wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete.*

238 Nou, julle let op, dit was 'n engel. En dis die engel van die sewende kerkeeu, omdat dit hier sê, dit is "die sewende engel," van die sewende kerkeeu. Het dit gevind, as julle wil sien wie dit . . . waar die engel is, Openbaring 3:14, dis "Die engel na die Laodicése kerk."

239 Nou, julle onthou toe dit hier gesê is, die engele en die kerkeeue. En nou, hierin, dit sal inpas reg in hierdie Sewe Seëls in waaroor ons kom praat. En die Sewe Seëls waarvan ons probeer praat, wanneer hulle hier keer kom, is die sewe geskrewe Seëls. En hierdie Sewe Seëls, soos julle weet, is net die manifestasie van die sewe engele van die sewe kerke; maar, daar is sewe ander Seëls wat aan die agterkant van die Boek is, Dis buitekant die Bybel. Let op. Ons sal daarby uitkom binne 'n oomblik.

240 Nou, voor ek dit begin, is julle moeg? Sou julle wou staan, posisie verander? [Gemeente sê: "Nee."—Red.] Nou luister mooi.

241 Die sewende engel van Openbaring 10:7 is die sewende kerkeeu-boodskapper. Sien? Nou hou dop. "En in die dae . . ." Hou nou hier dop.

> *Maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, . . .*

242 Nou, weerklink, hierdie boodskapper, die sewende engel laat sy Boodskap hier weerklink vir die Laodicése kerk. Let op sy tipe Boodskap. Nou, dit was nie aan die eerste engel, was Dit nie gegee nie, tweede engel, derde, vierde, vyfde, sesde. Maar dit is

die sewende engel wat hierdie tipe Boodskap gehad het. Wat was dit? Let op sy tipe Boodskap: "Volbring al die verborgenhede van God, wat geskrywe is in die Boek." Die sewende engel rol al die verborgenhede wat los lê, op, heel regdeur hierdie organisasies en denominasies. Die sewende engel maak hulle bymekaar, en beëindig die ganse verborgenheid. Dis wat die Bybel gesê het: "Volbring die verborgenheid van die geskrewe Boek."

243 Nou laat ons let op 'n paar van hierdie verborgenhede; en as julle hulle wil neerskryf. Eerste, sal ek neem wat Scofield hier sê, in Matthéüs 13. As julle graag sommige van hulle wil neerskryf, as jy nie 'n Scofield Bybel het nie. Julle kan lees wat hy dink sommige van die verborgenhede is. Nou, in die 11de vers.

> *Toe antwoord Hy en sê vir hulle: Omdat dit* aan *julle gegee is* (sy dissipels) *omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar* nie *aan hulle nie, maar aan hulle is dit nie gegee nie.*

244 Die verborgenhede, hier is "die verborgenheid." 'n Verborgenheid is Skrif, is 'n voorheen versteekte Waarheid nou Goddelik geopenbaar, maar (dit is) 'n bonatuurlike element bly steeds oor ondanks die openbaring. Die groter verborgenhede en die groot verborgenhede is:

245 Nommer een, die verborgenheid van die Koninkryk van die Hemel. Dis die een waaroor ons nou praat. 13, Matthéüs 13:3 tot 50.

246 Nou, tweede verborgenheid is die verborgenheid van Israel se blindheid gedurende hierdie eeu. Romeine 11:25 saam met die konteks.

247 Derde, derde verborgenheid is die verborgenheid van die verandering van die lewende heiliges aan die eindtyd van hierdie eeu. En Korinthiërs 15, en ook Thessalonicense 4:14 tot 17.

248 Die vierde, verborgenheid van die Nuwe Testamentiese Kerk as een Liggaam saamgestel uit beide, Jode en Heidene. Efésiërs 3:1 tot 11, Romeine 16:25, en ook Efésiërs 6:19, Kolossense 4:3.

249 Die vyfde verborgenheid is van die Kerk as die Bruid van Christus. Efésiërs 5:28 tot 32.

250 Sesde verborgenheid is van die lewende Christus, dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Galásiërs 2:20, en Hebreërs 13:8, en baie plekke soos dit.

251 Die sewende verborgenheid is van God, selfs Christus as die geïnkarneerde volheid van die Godheid liggaamlik, en Wie alle Goddelike wysheid.

En godsvrug word herstel vir die mens.

252 Negende verborgenheid is die verborgenheid van ongeregtigheid, gevind in Twee Thessalonicense, ensovoorts.

253 Die tiende verborgenheid is van die sewe sterre van Openbaring 1:20. Ons is pas daardeur: "Die sewe sterre van die sewe kerke, die sewe boodskappers," ensovoorts.

254 En die elfde verborgenheid is verborgenheid Babilon, die prostituut. Openbaring 17:5 tot 7.

255 Dis sommige van die verborgenhede wat hierdie engel veronderstel is om op te klaar, die hele "verborgenheid," al die verborgenhede van God.

En die ander.

256 Kan ek dit met eerbied sê, en verwys nie na myself nie, maar verwys na die Engel van God.

257 Die slang se saad, dit was 'n verborgenheid, regdeur al die jare.

258 Die genade, uitgeklaar; nie skande [Eng. "disgrace."—Vert.] nie, maar regte, ware genade. [Eng. "grace."]

259 Nie so-iets soos 'n Ewige, brandende hel nie. Jy sal vir miljoene jare brand. Maar, enigiets wat Ewig was, het nooit 'n begin of 'n einde gehad nie; en hel is geskep.

Al hierdie verborgenhede!

260 Die verborgenheid van die doop van die Heilige Gees, sonder sensasie, maar die Persoon van Christus verrig in jou dieselfde werke wat Hy gedoen het.

261 Die verborgenheid van waterdoop. Waar, die ekstreme drie-eenheidsleer dit ingebring het in titels van "Vader, Seun, Heilige Gees." En die verborgenheid van die Godheid wat volbring word in die doop van die Naam van "Jesus Christus," volgens die Boek van die Openbaring, wat die Kerk in hierdie tyd sou moes ontvang.

Daar is sommige van die verborgenhede.

262 Die Vuurkolom wat terugkeer. Amen! Dis die ding wat veronderstel is om plaas te vind, en ons sien dit.

O, hoe sou ons nie kon voortgaan, die verborgenhede opnoem nie!

263 Sien daardie Vuurkolom wat die kinders van Israel gelei het, dieselfde Een wat Saul op sy pad na Damaskus neergefel het! En dieselfde Een kom, met dieselfde Krag, doen dieselfde dinge, en openbaar dieselfde Woord, bly Woord-vir-Woord by die Bybel!

264 Die weerklink van die basuin, beteken "Evangelie"-basuin. En die weerklink van 'n basuin, in die Bybel, beteken: "Maak gereed vir Skriftuurlike oorlog." Teken julle dit aan? Skriftuurlike oorlog!

265 Paulus het gesê, as julle dit wil aanteken, Een Korinthiërs 14:8. Paulus het gesê: "As die basuin 'n onseker klank gee, hoe sal 'n mens weet waarvoor om gereed te maak?" En as dit nie 'n

Skriftuurlike klank het nie, 'n bevestigde, 'n—'n bevestiging van die Woord van God wat gemanifesteer word nie, hoe sou ons weet ons is by die eindtyd?

266 As gesê word hulle glo dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd, maar Sy tekens en wonders ontken wat die hele ryk van die natuur in Hom geglo het, en die hele Kerk hierdeur in Hom geglo het, hoe sal ons weet hoe om gereed te maak?

267 Iemand het na vore gekom met 'n kaart en dit alles uitgeteken; en iemand het na vore gekom, 'n ander ding, en *dit* alles uitgeteken, teenstrydig met *hierdie* een. Sommige het na vore gekom en gesê *dit* is Dit, teruggekom *hierna*. En ander het boeke geskryf, en sulke dinge.

268 Maar, God kom in die Krag van Sy opstanding! En wie gaan Daarteen praat? As Jesus Christus dieselfde is, gister, vandag, en vir altyd, doen Hy dieselfde wat Hy gister, vandag, en vir altyd gedoen het. Dis wat hierdie engel veronderstel is om te doen, vat daardie verborgenhede, daardie los drade waarmee mense op loop sit.

269 Let op, as dit 'n onseker klank gee, onskriftuurlik, wie kan hom gereed maak? Maar, 'n basuin, het julle opgelet, elkeen van daardie tydperke, soos ek julle gesê het van die kerk wat inkom, het daar 'n basuin weerklink, het 'n Seël losgeskeur. En 'n basuin beteken oorlog. As dit nie 'n Skriftuurlike klank gee nie, wat daarvan?

Maar laat ek julle geheue verfris. Moet dit nou nie mis nie.

270 Let op, elke kerkeeu het sy boodskapper gehad. Ons weet dit. Paulus was die eerste boodskapper. En toe die eerste basuin weerklink het, en die eerste Seël losgeskeur is. Paulus was die eerste boodskapper, soos ons gevind het. En wat het hy gedoen? Oorlog verklaar teen (wat?) die Ortodokse kerk, vir nie die Messiaanse teken wat Jesus vir hulle voortgebring het, te glo nie. Wel, hulle behoort dit te herken het. Hulle behoort Hom te herken het.

271 Onthou, Paulus kom teen die einde van die tydperk. Al die boodskappers kom aan die einde van die tydperk. Dis teen die eindtyd, wanneer hierdie dinge na—na vore gebring word.

272 Paulus het die Skrifte geken, en geweet dat Jesus Messias was, en hy het daardie sinagoges bestook, van plek tot plek, met die Skrifte, en is uit elkeen van hulle uitgesit. Tot, eindelik, hy die stof van sy voete afgeskud het en na die Heidene gedraai het. Wat was dit? Weerklink van 'n basuin; 'n engel, boodskapper, staan daar met die Woord! O, goeiste! Moet dit nou nie mis nie. Die Woord! En Paulus, met die onverdunde interpretasie van God se Woord, het elkeen van daardie sinagoges bestook. Het hom sy lewe gekos.

273 Hoe sou ons nie daar na Irénaeus kon gaan nie, die een, die boodskapper van die volgende kerkeeu!

274 En Sint Martin, die volgende kerkeeu, toe hulle die doktrine van die Nikolaïete begin kry, begin inkom. En hulle het daardie eeu bestook. Sint Martin het sy eeu bestook.

275 En dan Luther, die vyfde boodskapper, hy het daardie Katolieke kerk bestook, met die Woord van God. "Die regverdige sal deur geloof lewe," het hy gesê. "En *dit* is nie die letterlike liggaam van Christus nie," en hy het die nagmaal op die vloer gegooi, en uitgestap en het daardie Katolieke kerk bestook. Daardie basuin het reg weerklink. Dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

276 John Wesley het opgestaan, in die dae van die Anglikaanse kerk. "Wel," het hulle gesê: "daar's geen rede meer om herlewings te hê nie," en dit het gaan saad skiet. Maar John Wesley het opgestaan, met die boodskap van die tweede werk van genade, heiligmaking, en hy het daardie Anglikaanse kerk bestook met 'n Evangelie-basuin, gereed gemaak vir oorlog. Dis reg. Hy het dit gedoen.

277 Nou is ons in die Laodicése eeu, toe hulle weer gedenomineer het; Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Lutheraan, Pinksters. En ons kyk na 'n profeet om te kom, om hierdie eeu te bestook, en hulle terug te draai van hulle ongeregtigheid.

278 Nou, as dit die trant was, heelpad daar deur die eeu, sal God Sy trant verander in hierdie dag? [Gemeente sê: "Nee."—Red.] Hy kan dit nie verander nie. Hy moet die gewone stryk behou.

279 En onthou, hierdie boodskapper was die sewende engel, en hy sou al die verborgenhede neem en hulle saamvat. Let op, die sewende engel sou die Laodicése, ryk kerk bestook. "'Ek's ryk, het verryk geword, en het behoefte aan niks.'" Hy het gesê: "Jy's 'n ellendige, beklaenswaardig, arm, blind, nakend, en weet dit nie." Dit was sy Boodskap.

280 O God, stuur vir ons 'n vreeslose profeet met SO SPREEK DIE HERE, dat die bevestigde Woord van God daardeur sal beweeg en bewys dat hy deur God gestuur is. En wanneer hy kom, sal hy daardie eeue bestook. Sal beslis. Hy sal daardie Laodicése kerk teen hom stel. Sekerlik, sal hy. Hulle het in elke ander eeu. Dit sal nie in hierdie eeu verander nie. Dit moet dieselfde wees.

281 Let op, nou, die Laodicése kerk. Die boodskapper (sal beëindig) van die Laodicése, die sewende engel, sal al die verborgenhede beëindig wat verloor is in die gevegte, tevore, vir die Waarheid.

282 Luther het opgestaan, maar hy het nie die hele Waarheid gehad nie. Hy het net regverdigmaking gehad. Reg.

283 ’n Ander boodskapper het aangekom, genaamd John Wesley, met heiligmaking. Hy het Dit nie gehad nie. Die Bybel het gesê. Die Filadelfia-kerk!

284 Toe kom die Laodicése kerkeeu, met die doop van die Gees. Maar hulle het Dit heel deurmekaar laat raak, en het reguit teruggegaan na formalisme soos hulle in die eerste plek gedoen het.

285 Wanneer: “Hy is om na opgesien te word as die Alfa en Oméga,” Sy hand lê *eenkant* toe en *eenkant* toe: “die Eerste en die Laaste.”

Sy Gees het op die Pinksterdag neergedaal en het daardie groep vervul.

286 Sy het gaandeweg uitgelek, totdat dit by die donker eeue gekom het. Die Sewe Goue Kandelare, die sewe kerkeeue, die laaste was die verste van Hom af weg. Dit was ’n dui-. . . byna ’n duisend jaar van donker eeue, van die Katolieke kerk.

287 Luther begin die volgende lig bring, ’n bietjie nader aan die Woord.

Die volgende lig, kom ’n bietjie nader.

288 Die volgende lig, die Laodicése. Toe kom dit reguit terug soos dit in die eerste plek gedoen het, het reguit in die gemors ingegaan wat dit in eerste plek gedoen het. Sien julle nie wat ek bedoel nie? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.]

289 Nou hou dop. Daar gaan ’n klomp Waarheid daar verlore, (waarom?) waar ander toegegee het oor Waarheid. Maar hierdie sewende engel gee oor niks toe nie. Hy maak al die los drade bymekaar, maak hulle almal bymekaar. En as hy weerklink: “Moet al die verborgenhede van God volbring wees.” O! God, stuur hom. Al die versteekte verborgenhede is volbring toe hy, Dit aan hom geopenbaar is. Waardeur? As hulle versteekte verborgenhede is, sal die man ’n profeet moet wees. En is ons nie pas daardeur nie, en sien dat die profeet, wat sou kom in die laaste eeu, sal daardie groot Elía wees na wie ons op soek was? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Want, hierdie geheimenisse, wat verborge is, deur die teoloë, sal geopenbaar moet word; aan God. En die Woord kom slegs na die profeet. [“Amen.”] En ons weet dit. Hy sal die tweede Elía wees, soos beloof is. O, goeiste! Die Boodskap wat hy—hy sal bring, sal die verborgenhede wees, al, al hierdie dinge.

290 Ons het waterdoop. Dis alles deurmekaar. Dis reg. Een besprinkel; een giet. Een neem “Vader, Seun, Heilige Gees.” Een neem *dit*. Een doop drie maal, gesig vorentoe; vir, een vir ’n God genaamd “Vader,” nog een vir ’n God genaamd “Seun,” nog een vir ’n God genaamd “Heilige Gees.” Ander een het gesê: “Julle is verkeerd. Hy moet agtertoe doop, drie maal, *daardie* manier.” En, o, watter gemors!

291 Maar die hele ding is opgeklaar, want daar's net een God en Sy Naam is Jesus Christus. "En daar's nie 'n ander Naam onder die Hemel waardeur mense gered moet word nie." Daar's nie een Skrifteks, nêrens in die Bybel, waar enigeen ooit gedoop is op enige ander manier behalwe in die Naam van Jesus Christus nie. Nie een maal is enige van die nuwe Kerk, of die Kerk van Jesus Christus, ooit besprinkel, begiet, of enigiets anders nie. Nie een maal is ooit 'n seremonie gebruik: "Ek doop U in die naam van Vader, Seun, Heilige Gees," nie. Dis geloofsbelydenisse en dinge.

292 En in die geveg om Waarheid, het daardie drade verlore geraak, maar God het gesê hulle sou weer herstel word in die laaste dag. "Ek sal herstel," spreek die Here. Ons het daardeur gegaan, nie lank gelede nie: *Die Bruidboom*. Dit sal 'n profeet vereis. Die Bybel het gesê dat hy hier sou wees. Dis reg. Maleági 4, sê dat hy hier sal wees, en ons glo hy sal. Ons is op soek na hom. En ons is op soek na sy manifestering, en ons sal die bevestigde Woord van God sien.

293 Daar sal slegs 'n paar wees wat dit verstaan. "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees met die koms van die Seun van die mens." Wat is gered? Vyf siele . . . In die dae van Lot, is daar in werklikheid drie gered. Die vrou het begin, en het verloor. "So sal dit wees met die koms van die Seun van die mens." Daar sal baie weinig gered word, verander in daardie tyd; een van die verborgenhede, van daardie Kerk wat opgeroep word. Soos Lot geneem was, soos Lot uitgeneem was, weg; Noag opgeneem was; en die Kerk opgeneem sal word, ook. Een het ingegaan; en een het uitgegaan; en die ander Een gaan op. Sien? Dis presies, volmaak.

294 Die Woord kom. "Die Boek wat geskryf is, binne-in," is dan voltooi wanneer hierdie, al hierdie verborgenhede klaar weerklink het. Nou laat ek dit weer lees, nou, sodat julle seker sal wees. Nou kyk.

> *Maar in die dae van die stem van die sewende engel* (die laaste engel), *wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring* . . .

295 Nou, wat is "die verborgenheid van God," een van hulle? Paulus het gesê, in Een Timóthéüs 3, dink ek is dit, het gesê: "Onteenseglik groot, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: want God is geopenbaar in die vlees (ons het aan Hom gevat, Hom gesien), is opgeneem in Heerlikheid, van getuig deur Engele, bevestig hier op aarde." God was! Sekerlik, dis 'n groot verborgenheid, maar dis alles opgelos. Nie "Vader, Seun, en Heilige Gees," drie Gode nie; maar, een God in drie ampte. Die Vaderskap, onder Moses; die Seunskap, onder Christus; die Heilige Gees, onder hierdie dispensasie. Drie dispensasies van dieselfde God; nie drie Gode nie. Die verborgenheid is nou volbring. Die Bybel het gesê dit sou wees. Wanneer die . . .

296 Ek het gesien, nou die dag, waar die wetenskap probeer om my te weerspreek, in wat hulle altyd gesê het, toe ek gesê het: "Enigeen wat geglo het dat Eva 'n appel eet!" Nou sê hulle wetenskap, julle het nou die dag in die koerant gesien, 'n groot opskif: "Sy eet 'n appelkoos." Onsin. Wat sou—sou dit haar verlei? [Gemeente sê: "Nee."—Red.] Sekerlik nie. Sien? Hulle's net . . . Dis—dis wat Kain gedink het, weet julle, en hy het dieselfde ding teruggebring, maar God het nie sy offerhande ontvang nie. En Abel, regverdig, is aan hom geopenbaar: "Dit was bloed," en hy het die bloed gebring.

O God, hierdie kerk en die eeu waarin ons lewe!

297 "Die Boek wat geskryf is binne-in" is dan voltooid wanneer hierdie engel klaarmaak, (nou verstaan asseblief hierdie), wanneer die sewende engel se Boodskap voltooi is; die Godheid verborgenheid, die slang se saad verborgenheid, al die ander verborgenhede van al hierdie dinge.

298 Ewige Seunskap, soos hulle van praat. Hoe kan Hy 'n Ewige Seun wees, wanneer Ewigheid nooit begin of nooit eindig nie; en 'n seun iets is wat verwek word? Hoe kan dit sin maak?

299 Hoe kan daar 'n Ewige hel wees, as hel geskep was? Ek glo in 'n brandende hel. Sekerlik, die Bybel het so gesê. Maar, dis om te vernietig. Die Bybel het gesê: "Geseënd is hy wat nie deel het aan die tweede dood nie." Sien? Sien, jy sal nie deur tweede dood vernietig word nie. Die eerste is 'n fisiese. Die tweede is 'n geestelike dood, wanneer alles beëindig word. "Die siel wat sondig, daardie siel sal sterf." Jy sal straf vir jou sondes, miskien deur die honderde jare, duisende jare. Maar daar kan nie 'n Ewige hel wees nie, omdat die Bybel gesê het hel is geskep. Hoe kan dit geskep word en Ewig wees? As daar ooit was . . . Die Bybel het gesê: "Hel is geskep vir die duiwel en sy engele." En dan, as dit geskep is, kan dit nie Ewig wees nie. Want, Ewig, enigiets Ewigs, het nooit 'n begin of 'n einde gehad nie.

300 Dis hoe ons nooit kan sterf nie, omdat ons altyd was. Ons is 'n deel van God, die nageslag van God, en Hy's die eniste Ewige ding wat daar is. [Broer Branham klop drie keer op die preekstoel—Red.] Amen. Jy kan net so min sterf as wat God kan sterf, omdat jy Ewig is, saam met Hom. Amen! Laat dit kom! Halleluja! Raak soort van moeg vir hierdie ou peshuis, in elk geval.

301 Let op: "Die Boek geskryf," wanneer hierdie engel al hierdie los-draad-bedienings beëindig wat deur die stryd wat hulle geveg het, Luther geveg het, en Wesley geveg het, en die Pinksters geveg het. "Maar daar kom een," sê die Bybel "dat in die dae wat sy basuin weerklink, al hierdie verborgenhede . . . " Die eenheid sit op loop met Jesus Naam; die drie-eenheid het afgesit op Vader, Seun, Heilige Gees, net soos hulle het by die Niceense Raad, dieselfde ding; hulle was albei verkeerd. Maar, nou, in die middel

van die pad, in die Skrifte lê die Waarheid uit. Sien julle waarby ons is? Die Engel van die Here!

302 Let op Openbaring 5:1. Luister nou hierna.

> *En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien van binne* (die skrif was binnekant) *en van buite beskrywe en met sewe seëls verseël.*

303 Nou, daar is geskrywe op die binnekant van die Boek. Maar, die agterkant het Sewe Seëls gehad, aan die agterkant Daarvan, wat nie in die Boek geskryf was nie. Nou, dit is die openbaarder wat praat, Johannes. Nou, onthou, Dit was nie in die Boek geskryf nie. "En in die dae van die stem van die sewende engel, behoort al hierdie verborgenheid wat binne-in geskrywe is, volbring te wees." Dit behoort afgehandel te word, in daardie dag. Nou sien julle wat ek bedoel? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Volg julle my? ["Amen."] Dan is dit tyd vir die sewe stemme van Openbaring 10 om geopenbaar te word. Wanneer die Boek klaar is, is daar slegs een ding oor, en dis die sewe misterieuse stemme van donder wat geskrywe was op die agterkant van die Boek, wat Johannes verbied is om te skrywe. Laat ek dit lees.

> *En ek het* 'n engel, *sterk engel uit die hemel sien neerdaal, bekleed met 'n wolk, en 'n reënboog was oor sy hoof, en sy aangesig was soos die son, en sy voete soos pilare van vuur;*

> *En in sy hand het hy 'n geopende boekie gehad, . . .* (Sien, nou hou hierdie dop) . . . *en hy het sy regtervoet op die see gesit . . . sy linker- . . . op die land;*

> *En hy het met 'n groot stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul, en toe hy uitgeroep het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor.* (Hou dop.)

> *En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; . . .*

304 Daar is iets gesê. Dit was nie net 'n geluid nie. Iets is gesê. Hy wou skrywe.

> *. . . maar ek het 'n stem uit die hemel vir my hoor . . .*

305 Kyk waar was die stemme, die Donderslae. Nie in die Hemel nie; op aarde! Die Donderslae het nooit uit die hemele gespreek nie. Hulle het van die aarde af gespreek.

> . . . en *wou ek skrywe; toe het ek 'n stem uit die hemel vir my hoor sê: Verseël* (hoofletter V-e-r-s-e-ë-l), *Verseël wat die donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie.*

306 Dis aan die agterkant, wanneer 'n Boek voltooi word. Hy het nie gesê: "Aan die voorkant," nie. Hy het gesê: "Aan die agterkant," nadat Dit alles klaar is, voltooid. Dan, hierdie Sewe Donderslae se stemme is die enigste ding, wat gekoppel is aan

die Boek, wat nie geopenbaar is nie. Dis nie eers in die Boek geskrywe nie.

307 O, goeiste! Ek wens ek kon dit kry, dat die mense werklik kon. . .Moenie faal nie. Moenie, moenie faal nie. Asseblief moenie, hierdie keer nie. Ek maak klaar om julle te verlaat. Moenie faal nie. Het julle ooit geluister, luister!

308 Hierdie Seëls is aan die agterkant van die Boek. "En teen die tyd dat die sewende engel weerklink, is al die verborgenhede wat in die Boek geskrywe is, volbring." En onmiddellik is die Boek, wat oop was en binne-in geskrywe, toegemaak: "Die verborgenhede van God is beëindig." En dit is die verborgenhede van God: die gaan van die Kerk en al hierdie ander dinge. "Die verborgenhede is verby." Wanneer daardie sewende engel elke verborgenheid uitbasuin, is dit verby. Laat hom wees wie hy mag, wat dit ook al mag wees. God se Woord kan nie faal nie. En Hy het gesê:

> *Maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenhede van God volbring, soos hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete.*

309 Al daardie dinge, soos, o, Rome wat die—die hoer is, en al die Protestantse kerke, denominasies wat agter haar aan denomineer, het haar hoere geword. Sien? Al daardie verborgenhede, waarvan die profete gepraat het, sal geopenbaar word net hier in hierdie laaste uur.

310 En wanneer hierdie sewende engel opstaan in die Laodicése eeu en die ware Basuin laat begin weerklink, omdat Dit teenstrydig sal wees, sal hulle Dit nie glo nie. Hulle sal Dit beslis nie glo nie. Maar, dit sal 'n geïnspireerde profeet wees, omdat daar geen manier is om Dit te ontsyfer nie.

311 Mense probeer die drie-eenheid ontsyfer, en raak gryskop en word mal. Niemand kan dit verstaan nie. Hulle glo steeds Eva eet 'n appel, en al daardie dinge. Want, dis tradisie waaraan mense vasgehou het, net soos Jesus die kerk gevind het.

312 Maar dit sal 'n Goddelik-geleide profeet moet wees, vir die Woord van God om na toe te kom, met die ware interpretasie van die openbaring van Jesus Christus. So, dan, dit—dit sal op daardie manier moet wees. God, help ons!

313 Nou: "Wanneer sy basuin weerklink," nou dis SO SPREEK DIE HERE. Ons het dit duidelik. Wanneer hy sy Boodskap laat weerklink, oorlog verklaar; soos Paulus gemaak het teen die Ortodokse, soos die res van hulle gemaak het, soos Luther, Wesley, teen die organisasie. Wanneer hy oorlog verklaar, en vir hulle sê: "Hulle lieg, en dis nie die Waarheid nie! En hulle bedrieg mense!" Wanneer hy Dit laat weerklink, kan jy nie faal nie. Dit sal nie faal nie, omdat hy deur die Woord van God bevestig sal word. Julle sal presies weet wat Dit is. En wanneer hy dit doen,

weerklink hy, om uit Babilon uit te roep: "Kom uit haar uit, my volk, dat julle nie deelgenote van haar sondes word nie." God, stuur hom! Moet dit nie mis nie.

314 Nou: "Wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid volbring." Nou, let op, dan is dit tyd vir die Sewe Seëls-stemme, van Openbaring 10, om geopenbaar te word. Verstaan julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wanneer al die verborgenhede van die Boek klaar is! En die Bybel het gesê, hier, dat hy die verborgenhede sou beëindig.

315 Wanneer, manne destyds in ander eeue vir Waarheid geveg het. Hulle het geveg vir regverdigmaking. Hulle het 'n ruk gegaan. Heiligmaking! Hulle het geveg *hiervoor*, en hulle het geveg *daarvoor*. Hulle het *hiervoor* geveg. Wat het hulle gedoen? Reg omgedraai en georganiseer daarin, dieselfde ding. Pinkster, en die Baptiste, Presbiteriane, Lutherane, elkeen, het dieselfde ding gedoen, het reg omgedraai en dieselfde ding gedoen.

316 En die Bybel het gesê, in Openbaring 17, dis wat hulle sou doen, ou moederhoer en haar dogters: "VERBORGENHEID, BABILON." Die Bybel het gesê, hier, dat dit een van die verborgenhede sou wees wat ontrafel sou word. Protestante, prostitute: "pleeg geestelike ontug," lei mense deur denominasies, met hulle "beker van ongeregtigheid," van mensgemaakte doktrine; en trek hulle weg van die fontein gevul met Bloed, waar die Krag van Almagtige God vrylik vloei om Jesus Christus te manifesteer. Dis waar. Dan, sal God Dit rugsteun, en Hy het dit gedoen, en Hy sal voortgaan. Maar, wanneer dit vervul word, is die Woord klaar.

317 Nou is daar net een ding oor, dis Sewe Donderslae, wat ons nie weet nie. En dit sou nie verniet gedonder het nie.

318 God doen nie iets om sommer net te speel nie. Ons speel en tree laf op, maar nie God nie. Alles by God is "Ja" en "Nee." Hy maak nie sommer grappies nie. Hy speel nie. Hy bedoel wat Hy sê. En Hy sê niks tensy daar iets, 'n betekenis daaraan is nie.

319 En Sewe Donderslae, reg in die openbaring hier van Jesus Christus, Dit is ietwat van 'n verborgenheid. Sê die Bybel nie dat *Dit* "Die openbaring van Jesus Christus" is nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wel, daar is dan een of ander verborgenheid Daaraan. Hum! Wat is Dit? Die Sewe Donderslae het Dit. Want, Johannes wou dit neerskryf, en 'n Stem het neergedaal uit die Hemel, gesê: "Moet Dit nie skrywe nie. Maar, seël Dit. Verseël Dit. Sit Dit op die agterkant van die Boek." Dit moet geopenbaar word. Dis die verborgenhede.

320 Nou, ons het hierdie dinge opgelos, deur die Heilige Gees, het ons gesê: "Was nie appels nie. Dit was seksueel." Het vir ons hierdie dinge gesê. Daar is nie iemand in staat om te staan voor Dit nie. Ek het nog nooit 'n prediker gesien, in my lewe, wat Daarmee saamgestem het nie. Maar, ek het hulle gevra.

321 Weet julle, in Chicago, toe ons voor hulle gestaan het, omtrent driehonderd-en-vyftig predikers. Julle vroue hier van Chicago, julle was daar, het daarvan gehoor.

322 En die Here het my gesê, drie aande tevore, gesê: "Hulle gaan 'n strik vir jou stel." Het gesê: "Staan hier by die venster en Ek sal jou wys." Het gesê: "Mnr. Carlson en—en Tommy Hicks sal jou môre-oggend ontmoet, wil na ontbyt gaan. En sê jy vir Tommy om te bly. Maar," het gesê: "hier is hoe dit sal lyk. Sê vir hulle dat hulle nie daardie byeenkoms gaan hê in die plek waaraan hulle dink nie. Hulle gaan in 'n ander plek wees." Het gesê: "Jy moenie vrees nie. Ek sal met jou wees." Dis goed genoeg vir my.

323 Die volgende oggend het Mnr. Carlson, president van die Volle Evangelie Sakemanne, gekom, gesê. . . my gebel, gesê: "Broer Branham, ek wil saam met jou vir ontbyt gaan."

324 Ek het gesê: "Goed." (Ek het gesê: "Kyk Tommy Hicks sal ook daar wees.")

325 Het daar na "Town And Country" gegaan, en hy het gesê: "Wel, Broer Branham," het hy gesê: "o, hierdie is een . . . "

Ek het gesê: "Tommy, sal jy my 'n guns doen?"

"Sekerlik, Broer Branham."

Ek het gesê: "Wonder of jy in my plek sal praat?"

Hy het gesê: "O, ek—ek sou dit nie kon doen nie."

326 Ek het gesê: "Waarom? Ek is net 'n graad-sewe student, en ek—ek sal sê. . . ek sou *empire* sê in plaas van *umpire*. Sien? Ek weet nie hoe om te praat daarvoor nie. En daar gaan wees die Predikers Vereniging van Groter Chicago. Hoe gaan ek voor hulle praat, met my graad-sewe opvoeding, Tommy? Jy's 'n Doktor van Godgeleerdheid." Ek het gesê: "Jy sou weet hoe om te praat. Ek nie."

Hy het gesê: "Broer Branham, ek sou dit nie kon doen nie."

327 Ek het gesê: "Waarom? Ek het jou menige guns bewys." En ek het dit net baie reguit gestel.

328 En Broer Carlson het gesê: "O, Broer Branham, hy kan dit nie doen nie."

Ek het gesê: "Waarom?"

Hy het gesê: "Wel, hy, die—die—die—die . . . "

329 Ek het gesê: "Weet julle waarom? Julle weet waarom, maar julle wil my nie sê nie. Hulle het 'n strik vir my gestel."

330 En ek het gesê: "Broer Carlson, jy het daardie hotelkamer gekry, het jy nie, waar ons die ander banket gehad het?"

"Ja."

Ek het gesê: "Julle gaan dit nie kry nie."

331 Hy het gesê: "Wel, Broer Branham, ek het die deposito klaar daarop."

332 Ek het gesê: "Ek gee nie om wat jy het nie. Dit gaan nie daar wees nie. Dis 'n groen-gekleurde kamer. Ons gaan in 'n bruin-gekleurde kamer wees. Ek gaan agter in die hoek wees. Dr. Mead sal aan die regterkant sit. Daardie kleurlingman en sy vrou sal *hier* sit, en *so-en-so*. Daar sal 'n Boeddha priester verste aan my regterkant sit," en hoe hulle aangetrek sal wees.

333 En ek het gesê: "Jy weet wat dit is, Tommy. Jy's . . . Die Groter Chicago Predikers Vereniging gaan my uitdaag oor 'die doop in die Naam van Jesus Christus.' Die Groter Chicago Predikers Vereniging gaan my uitdaag oor 'die bewys van die Heilige Gees' wat in tale spreek. Hulle geen my uitdaag oor 'die slang se saad,' en oor die prediking van 'genade.'"

334 Tommy het weggekyk, en: "Genade! Goedheid!" Het gesê: "Ek dink nie ek sal eens gaan nie."

Ek het gesê: "Ja, jy kom saam."

335 En die volgende dag, het die man wat die deposito gevat het, hom die deposito teruggegee, en gesê: "Ons het 'n orkes. Ons het dit bespreek gehad, en dit vergeet en het daardie ding verloor. En ons moes dit vir die orkes gee, en julle kan dit nie kry nie." En ons het daar na Town And Country gegaan.

336 Het ingestap, daardie oggend, en daar het hulle almal gestaan. Toe ek gaan sit het agter die lessenaar daaragter, en het gewag, nadat hulle ontbyt gehad het, het ek so rondgekyk na hulle. Ons het in 'n kamer ontbyt gehad. Kom uit, het gaan sit daar, en daar was die Groter Predikers Vereniging van Chicago. Ek het omgekyk na hulle. Elkeen het hulleself voorgestel as Doktor Ph.D., L.L., Q.U.S.T., en al daardie soort dinge soos dit. Ek sit net en luister na hulle tot hulle klaar is. En Broer—Broer Carlson het opgestaan. Hy het gesê: "Menere . . . "

337 En julle almal ken Hank Carlson. En, daar, vra hom. Wel, julle het dit net hier op band. As julle die band wil koop, dis hier. Die kêrels het dit.

338 Hy het gesê: "Menere," het hy gesê: "ek stel aan julle voor, volgende, Broer Branham." Hy het gesê: "Julle almal mag van hom verskil, oor sy Doktrine, maar laat ek julle iets vertel. Drie dae gelede, het ons op 'n plek gesit, en as daardie man my nie alles vertel het wat vanoggend gebeur het nie, staan ek nie hier nie. Hy het my gesê dat julle almal gereedmaak om hom te ondervra oor sy Doktrine. En hy het my gesê dat ek daardie ander plek sou moes kanselleer, en hier sou wees. En het my gesê presies waar Dr. Mead en hierdie mense sou sit, net presies, en hier is hulle." Hy het gesê: "Julle kon dalk van hom verskil het, maar, ek sal een ding sê, hy's vreesloos oor waaroor hy dink."

Hy het gesê: "Nou, Broer Branham, die vloer is joune."

339 Hy het gesê: "Voor ons begin. . . " Ek het gelees wat ek vanoggend het: "'Ek was nie ongehoorsaam aan die Hemelse visioen nie.'" Ek het gesê: "Nou laat ons dit besleg. Nou, julle almal praat van Doktore van Godgeleerdheid te wees; en ek staan hier op my eie." Ek het gesê: "As dit so is, julle my wil ondervra, oor die doop in Jesus se Naam. Ons sal eerste daarmee begin. Ek wil hê een van julle manne moet julle Bybel bring en hier langs my staan, oor enigiets wat ek geleer het." Ek het gesê: "Staan hier langs my, en, met die Woord van God, bewys Dit verkeerd." Ek het gewag. Niemand het niks gesê nie. Ek het gesê: "Ek vra vir sommige van julle manne om langs my te kom staan." Het gesê: "Wat makeer julle? Dan, bly van my rug af, as julle bang is om hier by my te staan."

340 Dis nie vir my wat hulle bang is nie; dis daardie Engel van die Almagtige God. Dat, hulle weet, as Hy kon voorspel ek kom. . . Hulle selfs skerper as ek gedink het hulle is. Hulle het van beter geweet as om daar te staan. Uh-huh. Julle weet, julle was in tye, ook in daardie tye. Maar hulle het dit nie gedoen nie. Wat is die probleem, as dit so groot is, en hulle weet dis so waarheidsgetrou?

341 Ek het dit op band gesit, en oral anders; ek is gereed om daaroor te gesels, op 'n Christelike manier, met enige broer. Ek sal nie met enigiemand argumenteer nie; maar ek wil hê jy moet kom, bewys enigiets Daarvan verkeerd, met die Woord. Nou nie met jou teksboek nie; nie wat Dr. *So-en-so*, of Sint *So-en-so* gesê het nie. Ek wil weet wat God gesê het. Dis die basis. Ek wil weet wat Dit is. Hulle doen dit nie.

342 Nou, kyk, wanneer dit tyd is vir die sewe stemme. Dan is dit tyd vir die sewe stemme, wanneer die Boek voltooi is, van Openbaring 10 om geopenbaar te word. Nou let op. Luister.

343 Nou, ek sal julle nie veel langer hou nie. Ek weet ek put julle uit, hier. Dis twintig minute voor tien. [Gemeente sê: "Nee. Gaan aan!"—Red.] Luister nou mooi. Ek weet, staan regop, en julle almal verander posisies en dinge. Ek sal bly wees wanneer die kerk ingerig word sodat ons nie gekramp hoef te word nie. Ons kan heeldag vat om Dit te verkondig.

344 Nou let op. Let nou op. Die sewe stemme was donderslae, knalle.

God, help ons. As ek verkeerd is, Here, vergewe my.

345 Ek vra julle die vraag. Dit het geknal met donder, toe hierdie stem weerklink het. Het julle opgelet, dat, toe die Sewe Seëls wat op die sewe kerkeeue gevolg het, toe die eerste Seël geopen is, dat daar 'n donderslag was? Die Eerste Seëls in die Boek geopen is, was daar 'n donderslag; sou hierdie Eerste Seël van die buitekantste Boek nie op dieselfde manier open nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] God verander nie Sy program nie. Laat ons blaai daar na Openbaring 6.

En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: Kom kyk!

346 Nou, daar was nooit nog 'n donderslag nie. "En die laaste Seël is oopgemaak, was daar ruimte in die Hemel vir 'n halfuur van stilte." Maar, die Eerste Seël oopgemaak is, was daar 'n donderslag.

347 O, kerk, sou dit kon wees? Is ons so ver? Vriende, dink. Miskien. Ek hoop dit is nie. Maar wat as dit is? Wat was daardie knal? En voor God, en hierdie oop Bybel, ek lieg nie. Knal, wat die aarde geskud het!

348 En toe die Eerste Seël, van die sewe wat oopgemaak is in die Bybel, dit na vore kom, net Een, maar 'n knal wat die hele ding geskud het; 'n donderslag. En dan as die Seëls wat aan die agterkant is, sou oopmaak, sou dit nie ook 'n donderslag wees nie? Ek weet nie. Ek kan nie sê nie.

349 Daar was 'n donderslag, die Eerste Seël, en die Seël was 'n donderslag. Die Basuin is oopgemaak op daardie tydstip. En die Basuin is geblaas met Pinkster, natuurlik. Ek sal nie daarop ingaan nie.

350 Nou, as die visioen Skriftuurlik was; die visioen waarvan ek praat, wat ek verlede Saterdagoggend gesien het. Is 'n week gelede, nou. As, onthou nou hier, as die visioen Skriftuurlik was, moet dit deur die Skrif geïnterpreteer word, of 'n voortsetting van dieselfde Skrif. [Broer Branham wag 'n oomblik—Red.] Ek het net gewag, sodat dit insink. As . . .

351 Dit wat ek gesien het, wat dit was, weet ek nie, maar ek is doodbang. Het ons weggeteer? Is ons by die einde? Onthou, hierdie Engel het gesê, toe dit plaasgevind het, het Hy gesweer: "Daar sal nie meer tyd wees nie." Ek wonder of ons werklik hierdie een begryp.

352 Julle sê: "Wel, lyk asof Dit sou knal akro- . . . " Broer, Hy kom in 'n minuut wanneer jy nie so dink nie. Jy sal Dit jou laaste maal hoor.

353 Nou is Dit duidelik? Toe die Eerste Seël oopgemaak is, die Seëls wat binne-in die Boek was, hierdie verborgenhede wat weerklink het: regverdigmaking, heiligmaking, Rooms Katolieke kerk, Protestante! En toe al hulle geveggies en dinge hierdie los drade in die Woord van God gelaat het, kom die sewende engel aan en maak hulle almal bymekaar en verduidelik hulle. Sien? En dan, hy maak klaar, Sewe Donderslae spreek.

354 Toe Johannes begin skrywe het; is gesê: "Moet Dit nie skryf nie. Maar, verseël Dit."

355 "En die Eerste Seël is oopgemaak," van die Seëls aan die binnekant van die Boek, het Dit oopgemaak met 'n donderslag. Uh!

356 As dit Skrif is, kan dit slegs wees . . . As enige Skrif is . . . Enigiets wat veronderstel is om van die Bybel te wees . . .

357 Dis net soos, jy kan my nie sê daar's so-iets soos 'n "vagevuur" en sulke dinge nie. Daar's geen Skrif in die Bybel om dit te ondersteun nie. Jy kan my nie vertel van hierdie dinge, soos die boek van die Makkabeërs, waar hulle in orde mag wees . . . "En daardie vierde Boek van Daniël, waar 'n Engel hom aan die hare van die hoof gegryp het, en gesê het . . . hom neergesit het." Daar's geen sulke goed soos dit het ooit in die Bybel plaasgevind nie. "Waar Jesus van Násaret 'n kleivoëltjie gemaak het, en bene daaraan gesit het, gesê het: 'Whew! Vlieg weg, voëltjie,'" nie, dis onsin. Daar's niks in die Bybel om dit te ondersteun nie. So dit kul nie . . . Die—die vertalers, God het toegesien dat die vertalers nie eens daardie dogmas en nonsens sou byvoeg nie. Mag goeie mense gewees het, die Makkabeër broers. Hulle was dit. Ek sê nie hulle was nie goeie mense nie. Maar dit was nie Skriftuurlik nie.

358 *Dit* is die volledige openbaring van Jesus Christus. "Niks kan Daaraan toegevoeg word of Daarvan weggeneem word nie." En as ons dit Daarin plaas, tree dit nie op saam met die res van die Skrif nie. Daar is ses-en-sestig Boeke in hierdie Bybel, en nie een Woord sal die ander Een weerspreek nie.

359 En dan, as dit die voortsetting is, vir die weerklink van hierdie laaste basuine, of hierdie laaste Sewe Donderslae wat voortkom, die verborgenhede, die laaste Seëls, sal Dit moet meeding, of vergelyk met die res van die Skrif. En as daardie Eerstes daarin oopgemaak is met 'n donderslag, sal die Tweedes ook, wat aan die agterkant is. Hou dop wat gebeur. As die visioen Skrif was, dan moet dit deur die Skrif geïnterpreteer word, of 'n voortsetting van dieselfde Skrif.

360 Let op, Openbaring, 3 en 4: "Sewe Donderslae." Sewe Donderslae, en dan let op, 3 en 4, en dan (wat?) 'n eed van daardie magtige Engel, dat: "Tyd is verby." Wanneer hierdie Donderslae, sien julle, hulle stemme voortgebring het, toe die Engel . . .

361 Dink net daaraan! "'n Engel, geklee in 'n wolk, en 'n reënboogverbond oor Sy hoof." Wel, julle weet Wie dit is. "Het een voet op die land gesit, en op die see, en Sy hand opgelig en gesweer, dat: 'Toe daardie Sewe Donderslae hulle stemme laat hoor het' dat 'tyd nie meer sal wees nie.'"

362 En as die bediening van die verborgenhede van God klaar is, wat as dit daardie sewe verborgenhede is wat na vore kom? En 'n nederige kerkie soos ons s'n, dat die Almagtige gekom het en die lae staat van Sy mense aangesien het! Jy sê: "Wat? Ek dink nie so nie." Dit is dalk nie. Maar wat as dit is? Dan het tyd uitgeloop. Het julle dit gedink? Wees ernstig. Dit kan later wees as wat ons dink.

363 Hierdie sterre wat in hulle konstellasie inval daar oorkant! Daardie Engel wat kom, en gesê het: "Soos Johannes gestuur is

om die Ou Testament af te handel en die toetrede van Christus na vore te bring, sal 'n Boodskap die los drade afhandel en die Messias bekendstel net voor Sy Koms, die Boodskap van die laaste dae."

364 Let op, die magtige Engel het gesweer, met 'n eed, dat "Tyd nie meer sal wees nie."

365 Nou, ek wil julle nie te lank hou nie. Dink net 'n minuut hieraan, nou.

366 Nou luister. Hierdie Engel het van die Hemel neergedaal. Sien? Die ander, sewe engele van die sewe kerke, was aardse boodskappers. Maar hierdie Engel. . . Die hele Boodskap is klaar; die sewende Engel handel die hele ding af. En hierdie Engel kom nie na die aarde nie; Hy is nie 'n mens van die aarde, soos die boodskappers na die kerkeeue nie; dis klaar. Maar hierdie Engel bring die volgende aankondiging. En 'n *engel* beteken 'n "boodskapper." En Hy daal van die Hemel neer, geklee in daardie Ligkolom, Wolk, met 'n reënboog oor Sy hoof. En 'n reënboog is 'n verbond. Dit was Christus: "Met een voet op land, en een op die see, en het gesweer, dat: 'Tyd sal nie meer wees nie.'"

Waarby is ons, menere? Waaroor gaan dit alles? Ek vra julle.

367 Die ander engele was boodskappers, manne van die aarde. Maar hierdie Engel. . . Hulle, waar gesê is: "Aan die engel van die kerk van Laodicea," "Aan die engel van die kerk van Efése," boodskappers van die aarde; sien, manne, boodskappers, profete, ensovoorts, aan die kerk.

368 Maar, hierdie Een het nie van die aarde af gekom nie. Hy het neergedaal uit die Hemel, omdat die verborgenheid alles klaar is. En toe die verborgenheid beëindig is, het die Engel gesê: "Daar sal geen tyd meer wees nie," en die Sewe Donderslae het hulle stemme uitgegooi.

369 Wat as dit iets is om ons te laat weet hoe om in die Wegrapingsgeloof in te gaan? Is dit? Sal ons hardloop, oor mure spring? En maak iets gereed om te gebeur, en hierdie ou, verslete, smadelike liggame gaan verander word? Kan ek leef om dit te aanskou, O Here? Is dit so naby dat ek dit sal sien? Is hierdie die geslag? Menere, my broers, hoe laat is dit? Waarby is ons?

370 Laat ons na die horlosie kyk, die kalender, om te sien op watter datum ons leef. Israel is in Palestina, in haar tuisland. Die banier, die ses-punt-ster van Dawid (tweeduisend jaar gelede, ja, byna vyf-en-twintig honderd jaar gelede), die oudste vlag, wapper. Israel is terug in haar tuisland. "Wanneer die vyeboom sy botsels voortbring, sal hierdie geslag nie sterf nie, nie uitgaan, verbygaan nie, totdat alle dinge vervul is nie."

Nasies verbrokkel, Israel ontwaak,
Die tekens deur profete voorspel;
Heidense dae gestel, deur berowers omgewe;
"Keer terug, o Verstrooides, kom tuis."

Die Dag van verlossing is hier,
Menseharte sidder van vrees;
Wees vervuld met die Gees, julle lampe gevul en skoon,
Kyk op, jul verlossing is hier!

Valse profete spreek leuens, ontken God se Waarheid,
Dat Jesus die Christus ons God is.

Julle weet Dis die Waarheid! Ja.

Maar ons sal loop in die apostels se spore.
Want die Dag van verlossing is hier,
Menseharte sidder van vrees;
Wees vervuld met die Gees, julle lampe gevul en skoon,
Kyk op, jul verlossing is hier!

371 Mag dalk nader wees as wat jy dink dit is. Dit maak my bang. O, ek het nie genoeg gedoen nie. Waarby is ons?

372 "Daar sal geen tyd meer wees nie." Hy kondig aan dat tyd verby is. Wat gebeur? Wat gebeur? Sou dit nou so kon wees, broers? Dink ernstig. As dit is, dan word die piramide afgesluit met die Sewe Donderslae.

373 Julle onthou die piramide-Boodskap? Dis die Kopsteen. Wat het Dit gedoen? Die Heilige Gees plaas 'n kopstuk op die indiwidu en verseël dit, wanneer ons by ons geloof bygevoeg het; geregtigheid, en godsvrugtigheid, en geloof, ensovoorts, en dit bly toevoeg het totdat ons sewe dinge het. En die sewende een was liefde, wat God is. Dis hoe Hy die indiwidu maak, en hom 'n kopstuk opsit en hom verseël met die Heilige Gees.

374 Dan, as dit so is, het Hy sewe kerkeeue, wat Hy sewe verborgenhede gehad het wat weg weerklink is, en hulle voor geveg het, om terug te bring. En nou kom die Kopsteen, om die kopstuk op die Kerk te plaas. Beteken die Donderslae dit, my broers? Menere, is dit waarby ons is?

375 Junie, ek wil jou droom vat. Kyk. Junior het, voor die piramide ooit gepreek is, maande tevore, hierdie droom gesien.

Julle sê: "Wat van 'n droom?"

376 Nebukadnésar het 'n droom gedroom wat Daniël interpreteer het, het die begin van die Heidense tydperk voorspel en wanneer dit sou weggaan. En dit het presies net so gemaak. Nie een deel het gefaal nie.

377 Let julle op? Die geskrif wat die . . . op die rotse was, ek het dit vir hulle geïnterpreteer. Hulle was verheug. Dis "die verborgenheid van God," wat nie verstaan was nie, vir jare. Sou dit dit kon wees?

378 En let dan op. Op 'n misterieuse manier, het ons opgetel, uit die lug uit, 'n skerp gereedskapstuk wat die top oopgemaak het. En daarin was wit graniet, maar Dit is nie geïnterpreteer nie. Daar was geen letters nie. Ek het Dit nie geïnterpreteer nie, Junior. Ek het net Daarna gekyk, en vir die broers gesê: "Kyk Hierna." En dit is vervul, vanaand.

379 En terwyl hulle Dit bestudeer het, het ek weggeglip na die Weste toe. Waarvoor? Miskien om die interpretasie te verstaan van wat in die top Hiervan geskrywe is. Sou dit kon wees?

380 En Daardie, geknal, nou die oggend, wat my geskud het loodreg totdat ek in die lug opgegaan het, so hoog soos hierdie gebou, daardie konstellasie van Engele, sewe Engele in die vorm van 'n piramide. Is dit daardie Donderslae wat na vore kom? Sou dit kon wees?

381 Dit is alles geïnterpreteer. Volgens sy droom, was dit alles klaar. Volgens God se Woord, sal die sewende boodskapper klaar maak, sewende Boodskap klaar wees, en dan die Sewe Donderslae. En hy het die kopsteen ingerol gesien.

382 Wat, baie mense weet nie eens daar is Sewe Seëls om geopenbaar te word nie. Ek het baie manne se boeke oor Openbaring gelees, het nooit gehoor Daaroor word gepraat nie. Hulle slaan Dit oor. Maar dis vir julle gesê dat Dit daar is.

383 Ek weet nie wat dit is nie. Sou dit dit kon wees? God wees ons genadig! As dit is, is ons in 'n ernstige uur. Nou, net 'n minuut, kyk. As dit so is, en die verborgenheid is beëindig, wat in hierdie rotse geskrywe was.

384 Ek's bly om in 'n kerk te sit saam met goddelike mense aan wie God 'n droom kan gee. Ek's bly om voor te stel aan hierdie manne en vroue wat na Junior se kerk gaan, en na hierdie kerk, na Broer Neville s'n, en hulle, dat daar mense sit in hierdie gemeente, en die Bybel het gesê: "Hulle sal drome droom in die laaste dae." En hier is dit. En kyk daarna, dit vergelyk met die Woord.

385 Het niks daarvan geweet nie, 'n knal kom na vore, en hier kom sewe Engele van Ewigheid af. Ek het gesê: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" Dit is nie gesê nie. Ek mag dalk moet gaan, eers, om uit te vind. Ek weet nie. Kan dalk nie eens dit wees nie. Ek weet nie. Ek sê net: "Wat as dit is?" As dit Skriftuurlik is, klink dit baie naby daaraan. Dink julle nie so nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

386 Kyk. Dan, kyk, die kopsteen is nie geïnterpreteer nie. Sien? "Gaan na die weste toe, en kom terug." Of, is hierdie dit,

dis hierdie sewe Engele in hierdie konstellasie wat na my toe gekom het?

387 En wanneer ek julle ontmoet op die Dag van die opstanding, sal julle sien dat ek nie lieg nie; God, my Regter.

388 Of, is dit daardie tweede klimaks waarvan ek nou die dag gepraat het? Is dit oor iets wat na vore kom vir die Kerk? Ek weet nie. Ek sou 'n bietjie daarby kon hou, maar ek sal aanbeweeg.

389 Kon dit wees dat, die magtige donderslag, of die sewende Engel in die sewe, konstellasie, sewende-periode konstellasie, hulle piramide gemaak in 'n vorm (drie op 'n kant, en een bo-op), en hulle van Ewigheid af neergedaal het? Sou dit kon wees?

390 Is dit die verborgenheid, van die Donderslae, wat die Kopsteen sal terugbring? Julle weet, die piramide is nooit 'n kopstuk opgesit nie. Die Kopsteen moet nog kom. Dit was verwerp. Sou dit kon wees, broers, susters?

391 Of, is dit daardie Derde Trek waarvan Hy my gesê het, drie of vier jaar gelede?

392 Die Eerste Trek, onthou julle wat gebeur het? Ek het Dit probeer verduidelik. Hy het gesê: "Moet dit nie doen nie."

393 Die Tweede Trek, het Hy gesê: "Moenie probeer nie." En ek het nogtans getrek. Onthou julle? [Gemeente sê: "Ja."—Red.] Julle onthou almal. Dis op band en alles.

394 En toe het Hy gesê: "Nou daar kom 'n Derde Trek, maar moet Dit nie probeer verduidelik nie." Julle sien hoe ek Dit benader het, vanaand? Ek weet nie. Maar, ek voel pligsgebonde, teenoor my kerk, om iets te sê. Maak julle julle eie gevolgtrekking.

395 Nou, sal hierdie die verborgenheid wees wat sal oopmaak, wat Christus sal bring, 'n Krag na die Kerk sal bring? Sien? Ons het alreeds . . .

396 Ons glo in bekering, gedoop wees in die Naam van Jesus Christus. Ons glo in die Heilige Gees ontvang. Ons het tekens, wonders, wonderwerke, spreek in tale, en die dinge wat die vroeë kerk gehad het. En, eerlik, daar's meer gedoen, reg hier, as wat geskrywe is in die Boek van Handelinge, in hierdie een klein groepie mense, hierdie klein ou bedieninkie van ons hier. Wat van die wêreld oor? Sien? Meer as wat geskryf is in die Boek van Handelinge, dieselfde soort! Die opwek van die dooies! Onthou, daar is slegs omtrent drie mense opgewek, uit die dood, deur Jesus Christus. En ons het op rekord, dokters se rekord, vyf. Sien?

397 "Werke wat Ek doen, meer as dit sal julle doen." Ek weet die King James sê "groter," maar jy sou niks groter kon doen nie. Meer daarvan! Hy was toe in een Persoon; Hy's nou in die hele Kerk. Sien? "Meer as dit sal julle doen, want Ek gaan na My Vader toe."

398 As hierdie die Derde Trek is, dan lê daar 'n groot bediening voor. Ek weet nie. Ek kan nie sê nie. Ek—ek weet nie.

399 Hou dop. Derde Trek, laat ons daarby stop, 'n minuut. In die visioen, was die eerste vlug klein boodskappers voëltjies; dit was toe ons eers begin het. Dit het gegroei, van maar net 'n persoon aan die hand te vat.

400 En onthou julle wat Hy my gesê het? "As jy opreg sal wees, sal dit vervul word dat jy die einste geheim van hulle harte sal ken." Hoeveel onthou dit aangekondig van hier, en dwarsoor die nasies? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] En het dit gebeur? ["Amen."] Presies. Het toe gesê: "Moenie vrees nie. Ek sal met jou wees." Sien? En dit sal voortgaan.

401 Nou, die Eerste Trek was klein, ou voëltjies; daardie vlugte. Hulle het voortgegaan om die tyd te ontmoet, ontmoet die Koms van die Here; die eerste Boodskap.

402 Die Tweede keer, die geheime van die hart. Van 'n persoon aan die hand vat, en net daar staan en sê wat hulle gehad het; die volgende keer het dit hulle sondes geopenbaar en hulle gesê wat om te doen. En ma- . . . Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dan, dit is vervul, perfek, net soos God dit gesê het. En julle is getuies, en so is die wêreld, so is die kerk.

403 Toe ek gesê het: "Ek het 'n Engel gesien, en Dit was 'n smarag-Vuur, wat brand"; mense het gelag en gesê: "Billy, hoor jy wat jy sê." Die tower, wetenskaplike oog van die kamera het Dit opgeneem. Ek het nie gelieg nie. Ek het die Waarheid gepraat: God het dit bevestig.

404 Ek het gesê: "Duisternis oorskadu; dis dood, swart. En *Dit* is wit. Een is Lewe; die ander is dood." En daar is Dit, op die foto *daaragter*. By die . . .

405 Soos George J. Lacy—Lacy gesê het: "Die meganiese oog van hierdie kamera sal nie sielkunde afneem nie." Volg julle my? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

406 Let op, die eerste klein vlug; hand. Die tweede was groter, witter, duiwe; Heilige Gees wat die geheime van die hart openbaar. En die derde vlug was Engele (nie voëls nie), Engele; en dis die eindtyd, dis al wat dit is. Sal dit die tyd wees, broer? Is dit die tyd?

407 Nou luister baie mooi, en moet dit nie verkeerd interpreteer nie. Ek wil julle iets vra.

408 Laat ons teruggaan, net vir 'n minuut. Die kerk weet dis die waarheid. Die wetenskaplike wêreld weet dis die waarheid. En mense sit vanaand hierbinne, en baie leef nog, wat hier op die rivier gestaan het toe daardie Stem dit uitgespreek het, en gesê het: "Soos Johannes gestuur was met 'n boodskap van die eerste koms, so is hierdie die tweede Boodskap, van die tweede Koms." Onthou? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

409 En as Dit klaar is, wat het Johannes gedoen? Johannes was die een wat gesê het: "Aanskou, daar's die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Dis Hy." Is die uur, het dit aangebreek, my broers? Ek sê nie dit het nie. Ek weet nie. Maar ek vra julle. Ek wil hê julle moet dink. Of, sal hierdie die tyd wees wanneer dit weer sal wees: "Aanskou die Lam van God"?

410 Of, die tyd van Maleági 4: "Om die harte van die kinders te laat terugkeer na die Geloof van ons vaders"? Sal dit so 'n knal wees wat sal—wat sulke magte dinge sal doen, totdat dit die Kerk sal plaas, wat gekantel het en nie die verborgenhede van God ensovoorts kan verstaan nie? Wanneer hulle daardie magtige knal sien voortswiep, sal dit hulle harte laat terugkeer na die Vader, soos die Bybel gesê het dit sal maak? Of, was hierdie die Boodskap, alreeds verby, wat dit moes gedoen het? Ek weet nie.

411 Hierdie is die teken van die eindtyd, menere. Of, is hierdie die teken dat dit oor is? Dit lyk baie Skriftuurlik, vir my. Ek weet nie. Daar was daardie Engele. Daar was 'n knal, soos 'n donderslag, wat die hele aarde geskud het. God weet ek praat die waarheid.

412 Onthou net, iets maak gereed om te gebeur. Ek weet nie wat dit is nie. Maar sou dit dit kon wees? Waarom ek dit sê, maak julleself gereed! Laat ons bid, (hoe bid?) ons posisie inneem in die leër van Sy gelowiges, en ons gereedmaak, want dit mag later wees wat wat ons dink.

413 Julle ken my, en ek het julle nog nooit 'n leuen vertel nie, nog nie, waarvan ek weet nie. En soos Samuel vir hulle gesê het: "Het ek julle ooit iets gesê, in die Naam van die Here, wat nie vervul is nie?" Nou, ek sê julle nou. Ek weet nie wat hierdie is nie. Ek kan nie sê wat hierdie is nie. Ek weet nie. Maar, ek gaan julle die Waarheid vertel. Ek's bang. As julle broer, was ek bang sedert verlede Saterdag.

414 Dit kan dalk die eindtyd wees. Dit kan dalk tyd wees vir die reënboë om deur die lug te swiep, en 'n aankondiging van die hemele af, wat sê: "Daar is nie meer tyd nie." As dit is, laat ons onsself voorberei, vriende, om ons God te ontmoet. Daar is nou baie Voedsel ingelê gewees. Laat ons gebruik maak Daarvan. Laat ons nou gebruik maak Daarvan. En met my, van hierdie platvorm af, roep ek na God: "Here Jesus, wees my genadig!" Ek het probeer lewe na die beste van my wete. Ek het die Boodskappe probeer bring op die beste manier wat ek kon, uit die Woord van God. God ken my hart.

415 Maar, toe daardie konstellasie van Engele daardie grond gevee het, was ek verlam. Ek kon nie eens voel, vir 'n lang tyd nie. Het selfs gevoel asof, 'n lang ruk later, het probeer loop deur die kamer, selfs van my ruggraat af, en op-en-af langs my nek, was asof volkome verlam, en geen gevoel nie. Ek kon nie voel, in my hande nie. Ek was in 'n dwaal, heeldag lank. Ek—ek het net in die kamer gegaan en gaan sit.

416 Sondag, het ek hierheen gekom om te praat, en ek—ek het my daarvan probeer afskud, deur te praat. Maandag, was dit weer daar. En dis nou hier.

417 En ek weet nie. Ek weet nie, menere. Ek's maar net eerlik, teenoor julle, as my broers. Ek weet nie. Is dit—is dit tyd? Is die bedie-. . . die verborgenheid alles beëindig? Het die weerklink alles verby? Is dit regtig daardie Sewe Donderslae, wat gereed maak om iets uit te spreek, dat die groepie wat vergader het, 'n Wegrapingsgeloof sal ontvang, om in die Wegraping te gaan wanneer Hy kom? "Want ons sal verander word," so vinnig soos daardie Engele kom, "in 'n oomblik, in 'n oogwink; en sal opgeraap word tesame met hulle wat geslaap het, om die Here in die lug te ontmoet."

My gebed is:

418 God, of dit so is, weet ek nie, Here. Ek het net die kerk vertel. As dit so is, Here, berei ons harte voor. Maak ons gereed, Here, vir daardie groot uur. Wat, al die geskiedenis van die tyd, al die profete en wyses het gesoek na daardie tyd. Here, ek weet nie wat om te sê nie. Ek sou bang wees om te sê: "Moenie kom nie, Here." Ek skaam my, wanneer ek kyk en die wêreld in die toetand sien, ek nie meer gedoen het as wat ek daaraan gedoen het nie. Ek skaam my. As daar 'n môre is, Here, salf my hart. Salf my meer, Vader, dat ek alles kan doen wat ek kan doen, om ander na U te bring. Ek is Uwe.

419 Ek voel soos Jesaja, in die tempel daardie dag, toe hy die Engele heen-en-weer sien vlieg het, met vlerke oor Hulle gesigte en oor Hulle voete, en gevlieg het met vlerke: "Heilig, heilig, heilig!" O, hoe is daardie jong profeet nie geskud nie. Hy begin 'n bietjie ouer begin raak. En toe hy dit gesien het, al het hy al visioene gesien, het hy uitgeroep: "Wee my!"

420 Vader, miskien het ek ietwat so gevoel, toe ek daardie Engele gesien het nou die aand, of nou die oggend, liewer. Wee my, want ek's 'n mens met onrein lippe, en ek woon tussen onrein mense. En, Vader, reinig my.

421 En hier is ek. Stuur my, Here, waar dit ook al is. En ek staan by hierdie preekstoel waar ek vir dertig jaar was. As daar iets is, Here, wat U wil hê ek moet doen, hier is ek. Ek's gereed, Here. Maar, mag ek genade vind in U oë. Nederig, bid ek.

422 Ek bid vir die kuddetjie waarvan die Heilige Gees my opsigter gemaak het, om hulle te voed. En ek het alles gedoen wat ek weet om te doen, Here, om hulle te voed op die Brood van die Lewe. Soos in daardie visioen, baie jare gelede, waar daardie groot gordyn in die Weste gelê het, en 'n berg van die Brood van die Lewe; die boekie: "*Ek Was Nie Ongehoorsaam Aan Die Hemelse Visioen Nie.*" En hier word dit alles vervul, geopenbaar reg in ons aangesig.

423 U is God, en daar is geen behalwe U nie. Ontvang ons, Here. Vergewe ons ons sonde. Ek bekeer my van al my ongeloof, van al my ongeregtigheid. Ek pleit op die altaar van God.

424 Soos ek vanaand kom, saam met hierdie kerkie voor my, beweeg ons in geloof uit hierdie gebou, in vervoering, "waar ons saam sit in Hemelse plekke," rondom die Troon van God. Ons harte was baiemaal warm gewees, in die dinge wat ons U sien doen het, en ontvou U verborgenhede vir ons. Maar, Here, vanaand, is ek vermoeid. Wee my!

425 En—en Jakob s'n, toe hy daardie Engele teen die leer sien afklim en teruggaan het, het hy gesê: "Hierdie is 'n vreeslike plek, niks anders as die huis van God nie." En daar is Bet-el gevestig.

426 God, mense verstaan dit nie. Hulle dink dit sal soveel vreugde wees. Maar, Here, wat 'n vermoeiende, wat 'n vreeslike ding vir 'n menslike wese om in die Teenwoordigheid te kom van 'n groot, magtige Wese van die Hemel.

427 Ek bid om vergifnis vir my kerkie hier, waarheen U my gestuur het om—om—om—om te lei en te rig. Seën hulle, Here. Ek het gedoen volgens wat die visioene en drome en dinge gesê het, so, die beste van my wete. Ek het al die Voedsel ingelê wat ek weet hoe, vir hulle, Here. Wat dit ook al is, Here, ons is Uwe. Ons gee ons oor in U hande, Here. Wees ons genadig. Vergewe ons. En laat ons U getuies wees solank ons op die aarde is. Dan, wanneer die lewe oor is, ontvang ons bo in U Koninkryk. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

428 Elkeen van julle, reinig julle hele hart. Lê alles af, elke las, hou dit uit julle pad uit. Moenie dat enigiets julle pla nie. Moenie vrees nie. Daar's niks om oor te vrees nie. As Jesus kom, is dit 'n baie. . . Dis die oomblik waarvoor die hele wêreld gekreun en geroep het. As dit iets is wat nou uitbreek, vir 'n—'n nuwe koms, 'n nuwe koms van 'n nuwe gawe of iets, sal dit wonderlik wees. As dit tyd raak dat die openbaring van die Sewe Donderslae geopenbaar sal word aan die Kerk, hoe om te gaan, weet ek nie. Ek het net gemeld wat ek gesien het. O, goeiste, watter tyd! Dis ernstige en gewyde denke.

429 En as dit tyd sou wees vir my om te gaan, ek is julle. . . Here, ek is Uwe. Wanneer U klaar is, kom, Here Jesus.

430 Waarheen dit ook al mag wees, of watter tyd dit mag wees, ek is Syne. Ek sê nie ek begeer om te gaan nie; ek doen dit nie. Ek het 'n familie om groot te maak. Ek het die Evangelie om te verkondig. Maar, dis volgens Sy wil, nie myne nie. Dis Sy wil. Ek weet nie.

431 Ek meld net vir julle wat is. Wat is, God sal dit in vervulling bring. Maar ek sê julle wat ek gesien het en wat gebeur het. Wat dit beteken het, weet ek nie. Maar, menere, sou dit die einde kon wees? Uh!

432 Die mense is nou teenwoordig, die ses mense wat daardie drome gehad het. Is dit nie vreemd daar was nie sewe nie? Is dit nie baie vreemd nie? Daardie ses het reg heengelei; en toe daardie visioen, onmiddellik. Die mense is hier, Broer Jackson, hier, was een; Broer Parnell, was nog een; Suster Collins was nog een; Suster Steffy was nog een; Broer Roberson was nog een; en Broer Beeler was nog een. En die Hemelse Vader weet daar was nie een meer met betrekking daarop nie. En aan die einde daarvan, sewende een . . . wat Suster Steffy was, het die visioen onmiddellik uitgebreek. Sien julle? Sien julle waarom ek weggaan? Sien julle waarom ek moet gaan? Ek moet dit doen.

433 En, vriende, moenie na my opsien nie. Ek's julle broer. Skenk geen aandag aan my nie, omdat ek net 'n sterflike is. Ek moet sterf net soos enigiemand anders. Moenie na my luister nie; maar luister na wat ek gesê het. Wat ek gesê het, is die Boodskap. Gee geen aandag aan die boodskapper nie; hou die Boodskap dop. Hou julle oë, nie op die boodskapper nie, maar op die Boodskap. Wat Dit gesê het, dis die ding om na te kyk.

434 En God help ons, is my gebed. Ek haat . . . Ek wou nie kom, om julle dit te sê nie, maar ek sou nie iets van julle wou terughou nie.

435 Nou, sover ek weet, laat ek julle sê. Sover ek weet, sal ek in die volgende twee of drie dae vertrek, Woensdagoggend, om . . . na Tucson. Ek sal nie na Tucson toe gaan om te preek nie. Ek gaan nie soontoe om te preek nie. Ek gaan na Tucson, om my familie in die skool te vestig, en word dan 'n swerwer.

436 En gaan na Phoenix toe, om daardie reeksie dienste te hou, wat waarskynlik net om Boodskappies heen sal wees. En—en dan, miskien, ek maak nie . . .

437 Ek dink hulle wil hê ek moet een aand in die konvensie preek. Hulle het nooit iets daarvan gesê nie, hulle het net gesê ek sal daar wees. Sien, dit klink nie baie goed, vir my nie.

438 En ek het 'n woord, SO SPREEK DIE HERE, vir Broer Shakarian, ook. Uh-huh. Ek weet nie wat hy daaraan sal doen nie, maar ek het die woord om hom te sê. Ek weet nie wat hy sal doen nie. Dit hang van hom af. Het julle gelet op die laaste *Stem*? Dis veronderstel om nie 'n organisasie te wees nie, maar hulle het hulle geloofsbelydenis verklaar.'n Organisasie, dan sal ek wegval. Ek is uit so-iets.

439 Nou, volgens veronderstelling, moet Broer Arganbright en Broer Role, 'n Washington-diplomaat onder sewe Presidente, in Afrika wees. En Broer Role, en ek, en Broer Arganbright, sal onverwyld in Afrika ingaan, vir 'n paar dienste daar in Suid-Afrika en Tanganjika, met Broer Boze. En voort daardeur, en waarskynlik op deur Australië, en deur daarlangs, terugkom, as die Here nie iets anders doen nie. Maar, voor ek gaan, sal ek hier terug wees.

440 Dan, wanneer ek daarvandaan terugkom, as God nie met my gepraat het nie, andersins nie, gaan ek die familie vat en opbeweeg tot omtrent Anchorage, Alaska. Hierdie is suidwes; daardie sal noordwes wees. En hulle dan daar laat bly die somer deur, wanneer dit so warm is daar in Tucson dat dit die vel van jou sal afbrand. Ek dink nie hulle sou dit kon uitstaan nie. Hulle sou so vol heimwee en mismoedig wees! Ons verkoop nie die plek nie. Ek bly net daar, met die meubels in die huis. Ek weet nie wat om te doen nie.

441 Dan, tyd dat die somer oor is, as die Here wil, wil ek Alaska verlaat, en afkom tot omtrent Denver, sentraalwes; suidwes, noordwes, sentraalwes, roepende: "O Here, wat wil U hê moet ek doen?"

442 In die tussentyd, sal elke Boodskap, vir sover ek van weet, om gepreek te word, sal net hier wees, hierdie tabernakel. Dis hier waar die bande sal wees. Dis hier waar die hoofkwartier is.

443 En ek is nie van voorneme om, met my familie, in die Weste te bly nie. Ek gaan soek totdat ek uitvind wat God wil hê ek moet doen.

444 As hierdie jaar dit nie besleg nie, dan, volgende jaar, sonder water of kos, sal ek uitstap in die woestyn in, en ek sal wag totdat Hy my roep. Ek kan nie so voortgaan nie. Jy moet desperaat raak. Jy moet by die punt kom waar jy wil weet wat die wil van God is. En hoe kan jy die wil doen as jy nie weet wat die wil is nie?

445 Ek loop vooruit, vanweë daardie visioen-agtergrond: "Wat jy gedoen het." Sien? Gaan rond as sendeling en evangelisme, totdat daardie oproep kom. Onthou die eerste een, toe ons daardie hoeksteen gelê het? "Doen die werk van 'n evangelis," het Hy gesê. Het nie gesê: "Jy is 'n evangelis," nie. Maar: "Doen die werk van een," miskien totdat die tyd kom vir iets anders, 'n ander verandering van werk. Kan dalk iets anders wees. Ek weet nie.

446 Het julle Hom lief? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wees baie seker daarvan. Wees baie seker daarvan, hulle wat die Here liefhet.

> Hulle wat wag op die Here, sal hulle kragte vernuwe,
> Hulle sal opstyg op vleuels soos 'n arend,
> Hulle sal hardloop en nie moeg word nie, stap en nie verflou nie;
> O, leer my, Heer, leer my, Heer, te wag.

Ek het Hom lief. Ek weet julle, ook. Nou, môre-aand . . .

447 Ek dink ek het dit baie duidelik gemaak. Het ek? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] So duidelik soos wat ek weet om dit te maak, dis al wat ek weet. Dis al wat ek weet wat om te sê. En as dit aan my geopenbaar word, vir iets, sal ek julle spoedig sê. Ek weet julle is nuuskierig om te weet. Ek's nuuskierig om te

weet. Ek weet nie wat dit beteken het nie. Ek weet nie waar—waarheen ek gaan nie. Ek—ek weet nie wat gaan gebeur nie. Ek—ek's sommer . . . Al ding wat ek weet, ek gaan net, deur die genade van God. Dan, sal Hy my sê wanneer ek daar kom, miskien. Maar, my deel is, gaan. En ek is dalk nie twee weke daar nie, voor ek êrens anders sal wees, en is dalk terug hier. Dis reg. Ek weet nie. Maar ek's . . .

448 Daardie visioen het my vrou en my kinders daarin gehad. En die einste ding wat dit was, ek is in 'n tentwa. En die oomblik wat ek daar ingestap het, was daar, was ek in my stasiewa. En dis hoe ons vertrek, oor 'n paar dae, weet nie waarheen ons gaan nie, weet nie wat ons gaan doen wanneer ons daar kom nie, gaan net.

449 God is vreemd, vir ons, omdat Sy weë onnaspeurlik is. Hy wil gehoorsaamheid hê.

"Waarheen gaan U?"

"Dis nie jou besigheid nie. Bly net gaan."

"Waar wil U hê moet ek doen, Here?"

450 "Dit het niks met jou te doen nie. Volg, jy, My." Uh-huh. Uh-huh. "Hou net aan loop."

"Waar sal ek stop?"

"Wat het dit met jou te doen? Hou net aan loop."

So, hier gaan ek, in die Naam van Jesus Christus. Uh-huh. Amen.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

Ek . . . (Hy is my lewe.) Ek . . . (Al waarvoor ek gelewe het!)
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

451 Menere, is hierdie die tyd? [Broer Branham en gemeente neurie die volledige koor, saam: *Ek Het Hom Lief*—Red.] En terwyl ons dit weer sing, skud hande met iemand by jou. Sê: "Broer, suster, bid vir my. Ek sal vir jou bid."

Ek . . .

452 [Broer Neville draai om—Red.] Bid vir my, Broer Neville. [Broer Neville sê: "Ek sal dit doen, broer. Bid jy vir my, broer. Dankie."] Werklik opreg! [Iemand sê: "God seën jou, Broer Branham."] Bid vir my, broer. Bid vir my, suster. Bid vir my.

. . . gehad het
En koo- . . .

453 Bid, bid vir my, . . . ? . . . Bid vir my, . . . ? . . . Bid vir my, . . . ? . . . Bid vir my.

. . . Gólgota.
Want ek . . .

Laat ons ons hande nou na Hom ophef.

. . . ek het lief . . . (Ware liefde!)
Omdat, Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

Ja, ek het Hom lief . . . (Met my hele hart!)

454 Volg jy, Broer Neville. Ek gaan agtertoe. Kondig die tyd aan vir die diens. [Broer Neville gaan voort om saam met die gemeente *Ek Het Hom Lief* te sing, en verdaag die diens—Red.]

Is Dit Die Teken Van Die Einde, Meneer? AFR62-1230E
(Is This The Sign Of The End, Sir?)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagaand, 30 Desember 1962, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2015 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org